# *KONINGIN VAN SKEBA*

Ek was net ’n bietjie laat vanaand, ons het verstrengel geraak in die motors en kon nie inkom nie. Ek is egter gewoonlik laat. Nie lank gelede nie het ek gepraat by ’n Verenigde Broeders kerk, en hulle . . . prediker het opgestaan, en gesê: “Ek wil julle voorstel aan wyle [English: “late”-Afr: “laat”—Vert.] Mnr. Branham.” Wel, ek is ’n bietjie laat gebore, ek was laat vir my troue, omtrent twee ure, as ek nou net laat kan wees vir my begrafnis, sal dit net reg wees. Dis een waarby ek regtig laat wil wees.

2 Ons is bly om hier in hierdie lieflike stad te wees. Soos ons vanaand rondgery het, hiernatoe gekom het, het ek gedink aan ’n paar jaar gelede, toe ons die diens hier gehad het, en ek het gedink watter wonderlike tyd ons hier saam met die mense gehad het, hoe hulle so gaaf was, en die Here ons geseën het.

3 En Broer Bosworth was by ons, hy het nou oor die see gegaan na die ander Kant. Ek het hom gaan sien net voor ek vertrek het. Hy was, o, ver gevorderd naby ’n honderd jaar oud, hy het pas teruggekom van Afrika af, waar ons saam sendingwerk gedoen het. Ek het vir hom gesê, toe hy was . . . In sy huis ingestorm, en daar het die klein patriarg gelê, daar op sterwe gelê, en hy het . . . [Leë kol op band—Red.] “ . . . ruiters daarvan.” [Leë kol op band.] . . . was daar ooit enigiemand wat die waardigheid gehad het . . . [Leë kol op band.] . . . was dit F. F. Bosworth.

4 Hy was ’n groot man van God, een van die eerstes. Hy het hier in Texas gekom, en in een stad gebly vir tien jaar en gevestig . . . [Leë kol op band—Red.] . . . sewe kerke, en, met een herlewing, nooit gestop, nag, of, elke dag, en, of, vir tien agtereenvolgende jare nie, elke aand, iewers, ’n diens gehou vir . . . hier in Texas.

5 Het julle gehoor hoe hy heengegaan het? Omtrent ’n uur voor hy vertrek het om heen—om heen te gaan, het hy ’n rukkie geslaap, en hy het opgestaan, in die kamer gekyk, en gesê: “Moeder!” En vir een hele uur, of miskien twee ure, het hy hand geskud met vriende wat hy na Christus toe gelei het, en al heengegaan het vir vyftig jaar, oor die rivier aan die ander Kant gegaan het. Teruggegaan en sy hande neergelê, hulle gekruis soos *dit*, God tegemoet gegaan.

6 Ek sal nooit sy laaste woorde aan my vergeet nie, hy het gesê: “Maak gou, Broer Branham, gaan sommer gou oorsee, dis waar die velde oop is.” En hy het gesê . . .

Ek het gesê: “Broer Bosworth, jy’s nie siek nie?”

Hy het gesê: “Glad nie siek nie,” gesê: “dit raak nou net my tyd, ek het my lewe gelewe.”

Ek het gesê: “Van jou hele lang lewe vir Christus, wat was jou wonderlikste tyd, Broer Bosworth?”

Hy het gesê: “Nou hier.”

En ek het gesê: “Besef jy, dan, dat jy gaan?”

7 Hy het gesê: “Ja, maar Broer Branham, al waarvoor ek gelewe het vir die afgelope sestig jaar, was vir Christus, en omtrent enige oomblik sal Hy by daardie deur inkom om my Huis toe te neem.” Dis reg.

> Lewens van groot manne herinner ons almal
> En ons kan ons lewens groot maak,
> Met afskeid, agter ons laat,
> Voetspore op die sand van tyd.

8 Ek dink aan sy getuienis, en ek dink aan Paul Rader, toe hy gegaan het. Hoeveel het Paul Rader ooit geken? Baie van julle mense. Hy was ’n groot man van God, wat in Kalifornië ingegaan het. Ek het destyds aan sy voete gesit toe ek ’n klein seuntjie was. En hy en Luke het soort van bymekaar gebly, soos ek en my seun, Billy. En toe hy sterwend was, het die Moody Bybel Instituut van Chicago ’n kwartet gestuur om te sing, en hulle het soort van ’n stadige lied gesing, *Nader, My God, By U*.

9 En Paul, as julle hom geken het, hy het altyd ’n sin vir humor gehad. Hy het hierdie lied geskryf, my temalied, *Glo Net*. En hy—hy het ’n sin vir humor gehad, hy het altyd ’n grappie gemaak, soos Broer Bosworth, so toe hulle gesing het: *Nader, My God, By U*, het hy opgestaan in die bed, gesê: “Sê, wie sterf hier, ek of julle?” En gesê hy—hy het gesê: “Trek . . . ” gesê: “Trek daardie blindings op, en sing vir my ’n paar baie goeie, opgeruimde Evangelieliedjies.”

En hulle het begin sing: “Onder by die kruis waar my Verlosser gesterf het.”

Hy het gesê: “Dit klink beter.” Hy het gesê: “Waar is Luke?”

En Luke wou nie sy broer sien sterf nie, so hy was in die ander kamer. En hy het gesê: “Hy’s in die ander kamer.”

Gesê: “Sê vir hom om hiernatoe te kom.”

10 Luke, yslike groot kêrel, as julle hom geken het. Hy, en Paul, en Billy Sunday, en F. F. Bosworth, en hulle almal het, in hulle dae, het die Evangelie uitgedra in hulle dag. So toe, toe hulle . . . Luke het vir Paul gesê, of Paul het gesê, liewer, vir Luke: het hy sy hand gevat, en gesê: “Dink daaraan, Paul, of, Luke, ons het ’n lang pad saam gekom, het ons nie?”

Gesê: “Ja, ons het Luke, of, Paul.”

Paul het vir Luke gesê: “Ons het ’n lang pad gekom.”

Hy het gesê: “Ja, ons het, Broer.”

11 Maar gesê: "Dink daaraan, binne vyf minute van nou af sal ek in die Teenwoordigheid van Jesus Christus staan, geklee in Sy geregtigheid," sy broer se hand gedruk, en gesterf.

Ek dink dit was Bileam wat gesê het, van ouds: "Laat my sterf soos hulle."

12 O, ons is almal bly om Christene te wees, is ons nie? Ek wonder waarna ons vanaand sou kon kyk as dit nie vir Christus was nie? Watter hoop sou ons hê? Waar kan ons vestig? Waarop kan ons enigiets baseer vir 'n fondament vandag, buite Christus?

13 O, sondaarvriend, jy in hierdie klein ouditorium vanaand, laat ek—laat ek jou waarsku: Vlug van die toorn wat sal kom. Daar's net een Skuilplek, ek's bly dat God 'n Toevlugstad gemaak het, Christus Jesus, waar ons kan inhardloop, en beskut wees.

14 Onlangs was ek in Indië, Bombaai, waar ons, die Here ons vir die grootste skare laat preek het. . . [Leë kol op band—Red.] . . . duisend kombers-inboorlinge wat hulle afgode op die grond breek, Christus as Verlosser ontvang. Ek reken in Indië was dit drie keer soveel, maar ons kon hulle nie tel nie. En ek . . .

15 Indië is nogal 'n tweetalige land. Julle weet dit is besit deur Engeland, en het net onlangs sy vryheid van bankrotskap gekry, natuurlik, en toe, hulle was bankrot, en hulle is hulle vryheid gegee, liewer. En toe, het ek 'n koerant opgetel en in die Engelse rubriek gelees, en dit het gesê: "Ek veronderstel die aardbewing is nou verby, die voëls kom almal terug." En ek wil net 'n oomblik neem, vir julle die storie vertel.

16 In Indië is hulle baie arm, ek dink die armste plek waar ek ooit, in my lewe was, is in Indië. Julle mense besef net nie totdat julle eenkeer soontoe gaan, moedertjies sien lê op die straat, hulle babatjies met geen vleis aan hulle gesig nie, magies opgeswel, hulle sterf van die honger, smeek vir iets om te eet. Vra jou om die baba te neem, haar te laat sterf, maar probeer om haar baba te red. Jy *hierdie* een neem, wat van *daardie* een, *hierdie* een, *daardie* een, *daardie* een? Net oral. Dis beslis 'n patetiese ding, en—en my hart het gebreek om Indië te sien. Ek hoop om weer terug te gaan hierdie herfs.

17 In die koerant, het dit gesê dat al die voëls weggevlieg het uit hulle gate. In Indië, het hulle nie mooi heinings soos julle hier in die State het, draadheinings, ensovoorts, en mooi paalheinings nie, hulle tel meestal die klippe op, en stapel die klippe op mekaar. Daar's vierhonderd-en-sewentigmiljoen mense in Indië, en eerlik, ek weet ek oordryf, maar ek sou raai vierhonderdmiljoen bedelaars, hulle net, hulle ken niks anders as bedel nie. Hulle het baie natuurlike hulpbronne, maar nie die mentaliteit om dit te ontwikkel nie, al wat hulle ken, is bedel en godsdiens.

18 En ek is daardie middag vermaak in die tempel van die Djains, deur sewentien verskillende godsdienste, en elkeen van

hulle het Jesus Christus, of, Hom as God, verloën. So julle kan julle voorstel wat hulle is. Hulle glo, meeste van hulle, in reïnkarnasie, hulle vee die strate waar hulle gaan, sodat hulle nie eers sal trap op soveel as 'n vlooitjie, of 'n mier nie, dat dit hulle moeder mag wees wat teruggekeer het in daardie vorm, of iets. Nou, om 'n Bloedoffer te preek aan mense soos daardie!

19 Maar daardie aand toe die Heilige Gees op die toneel gekom het! 'n Totaal blinde man het daar gestaan, ek het 'n visioen gesien dat hy sy sig sou ontvang, Ek het gesê: "Ek daag elkeen van julle Mohammedane uit, al die res, die Djains, die Sikhs, en Boeddhiste, en wat nog, om hiernatoe te kom en hierdie man sy sig te gee." Ek het gesê: "Waaroor swyg die gehoor so?" Ek het gesê: "Julle kan dit nie doen nie, ek kan ook nie, maar die God van die Hemel, Wat Jesus Christus uit die dood opgewek het, het hierdie dinge belowe wat ons sien. En ek het pas 'n visioen gesien," ek sou dit nie gesê het as ek nie die visioen gesien het nie, "die man gaan sy sig ontvang."

20 Ek het gesê: "Nou, as die Mohammedaanse profete so groot is, laat hulle uitkom en hom sig gee, en ek sal 'n Mohammedaan word." Ek het gesê: "Jy het gedink dit was 'n telepatie, ek het sy gedagte gelees toe ek vir hom gesê het dat hy heilige manne moes hê . . ." O, jy moet net soontoe gaan, amper, om dit te verstaan.

21 Ek het gesê dat hy: "Hierdie man is blind, hy het blind geword deur na die son te kyk, hy's 'n aanbidder van die son. Hy het die skepping aanbid in plaas van die Skepper, ons weet dit." En ek het gesê: "Wat sou julle doen as die Sikhs hom wou bekeer na wat hulle sê? Of as die Djains hom wou hê, wat nog, wat sou hulle doen? Net sy denkwyse verander. Ons het dieselfde ding in die Verenigde State, net een God."

22 Ek het gesê: "Al die Metodiste wil al die Baptiste, Metodiste maak; die Baptiste wil al die Presbiteriane, Baptiste maak; die Pinkster wil die hele ding neem. So daar het julle dit. Wat is dit? Verander julle denkwyse. Maar daar moet iets wees wat reg is, en iets verkeerd."

23 Ek het die Koran in een hand gehou, die Bybel in die ander een, ek het gesê: "Een van hulle is reg, en een is verkeerd. Hulle albei kan nie reg wees nie, want hulle verskil te veel, van mekaar." Ek het gesê: "Maar as Jesus Christus, Wie vir my 'n visioen gewys het dat hy sy sig gaan ontvang, as hy sy sig ontvang, hoeveel van julle mense nou, siende dat julle priester, of niemand anders hier, vir hom sy sig kan gee nie, en 'n man sê hy sal die God dien wat hom sy sig gee, nou, as Jesus Christus sy sig sal herstel, hoeveel van julle sal Jesus Christus as julle Verlosser ontvang?"

24 Net so ver as wat jy kon sien, daardie swart hande in die lug, dit was geskat as vyfhonderdduisend mense. So, en toe daardie man sy sig ontvang het, het hy my om die middel gegryp. Nou, die burgemeester van Bombaai, ek het sy naam gehad, het dit

’n lang tyd in my sak gedra, hy het net daar gesit. En, wel, hulle het ’n burgermag gehad, hulle het my skoene uitgetrek, my sakke van my jas afgeskeur, hulle het twintig of dertig mense gehad, en daardie wagte wat hulle probeer teëhou, en daardie vroutjies sou bo-oor daardie wagte hardloop, net om net naby te kom aan waar jy was, jou aan te raak, die baba naby jou te laat kom, of iets.

25 Dink, en hulle wat honger en dors na God soos daardie, en jy moet amper mense in die Verenigde State huur om na die Evangelie te kom luister, of kerk toe gaan op Woensdagaand. Dis, dis jammerlik.

26 Om my storie te voltooi, die klein voëltjies gaan in hierdie . . . maak hulle neste in hierdie rotse, en ook, die beeste en skape kom in van die velde af, en in die middag rond gestaan in die skaduwee van hierdie mure, om uit die warm, direkte strale van daardie tropiese son weg te bly. En meteens het daardie voëls weggevlieg van hulle huis en uitgegaan in die velde, in die bome en bosse in, die beeste het uitbeweeg weg van die heinings, die skape het uitgegaan in die veld en gestaan en leun teen mekaar, iets was gereed om te gebeur.

27 Meteens, het daar ’n aardbewing gekom wat al die mure platgeskud het. As die voëltjies in hulle neste gebly het, sou hulle doodgemaak gewees het, as die beeste en skape om daardie mure sou gebly het, sou hulle doodgemaak word. Hulle het daarbuite gebly vir twee dae, want daar was, voortdurend, aardbewings wat gekom het, klein en groot. Toe, na ’n ruk, het die beeste en skape weer teruggekeer, die voëls het teruggevlieg na die huise wat hulle agtergelaat het in die nes in die rotse, ensovoorts. En die koerant het gesê: “Dis ’n teken dat die aardbewings verby is.”

28 Nou kyk, God wat die voëls, en die skape, en die beeste in die ark ingelei het, is dieselfde God wat hulle vandag kan lei, Hy het dit gedoen. En as ’n voël, ’n dier, deur instink, weet hoe om weg te kom van die groot torings van Babel wat gereed is om te val, hoeveel te meer behoort wedergebore mans en vroue te weet hoe om uit te vlug, teen mekaar te leun?

29 As daar ooit ’n tyd was wat ons op mekaar behoort te leun, is net nou. Kom bymekaar, almal van ons saam, en bly bymekaar, want die groot torings van hierdie groot, wêreldgemaakte stelsel gaan verbygaan, dat ’n uitreiking van ’n Koninkryk wat geen einde het nie, die Millennium kan begin een van hierdie dae. Daarom, laat ons nou die Woord benader, en voor dit, laat ons ons hoofde buig vir gebed.

30 Ek wonder, net voor ons bid, of daar enige man of vrou buite Christus hier teenwoordig sou wees, wat onthou wil word in hierdie gebed, sal jy jou hand opsteek? Net sê: “Onthou my, Broer Branham.” God seën julle, julle opregtheid. Wonderlik! Mag God hoor. God seën julle. Dosyn of meer hande. God seën

jou, dame, dis goed. Ver agter aan die agterkant, God sien julle hande, sekerlik, Hy sien. God seën jou, meneer.

31 Ons Hemelse Vader, ons kom nader U troon van geregtigheid, en as ons geregtigheid sou ontvang, sou ons net eenvoudig van die aangesig van die aarde afgevee word, maar ons kom onder die Bloed van Jesus, want Hy het in Sy Eie Woorde gesê: "As julle die Vader enigiets in My Naam vra, sal Ek dit doen." En ons kom in die Naam van die Here Jesus, vra nie vir geregtigheid nie, Here, maar ons vra vir genade.

32 Net 'n storie, Vader, in daardie koerantuitknipsel wat ons daar het, dat daardie voëltjies weggevlieg het, weggekom het. O, dieselfde God wat hulle in die ark kon inbring, en voor die sondvloed vernietiging is dieselfde God vandag, kan Sy voëls en Sy diere wegtrek van gevaar, sekerlik, Here, kan U ons waarsku om te vlug van die toorn wat sal kom.

33 Want die nasies het gesondig, en hulle het teen God gedraai, hulle het opstandig geraak in hulle harte. En ons besef dat daar spoedig 'n atoomontploffing universeel sal wees, wat hierdie wêreld in 'n môre sal inskud, ons Ewigheid. Dan, een of ander pragtige oggend, sal die Here Jesus en Sy Kerk terugkeer na die aarde.

34 O, vir daardie dag, God! Dis waarna ons harte verlang, wanneer die oues daar jonk sal wees vir altyd, daar sal geen ou mense meer wees, en geen dag-oud baba meer nie, hulle sal net in daardie groot fleur van jeug wees vir altyd. Ons dank U vir hierdie groot waarheid, Here, al lyk dit nou ver weg vir ons, maar tog, mag dit nie wees tot môre, tot ons dit sien nie.

35 Ek bid, Vader, vir hulle wat hulle hande eerbiediglik en dapper opgesteek het vanaand, dat hulle U wou ontvang as hulle Verlosser, onthou wil word in gebed. God, daar's nie 'n persoon in die wêreld wat voldoende is om sulke mense te lei nie, ek besef dat dit U Gees is wat dit doen. U het gesê: "Niemand kan na My toe kom, as die Vader hom nie getrek het nie, en almal wat die Vader My gegee het, sal kom." Vader, ek bid dat U hulle sal red vanaand.

36 Mag iets gesê of gedoen word op so 'n manier dat hulle U sal ontvang as hulle Verlosser, en vervul word met U Heilige Gees, want ons besef dat hulle wat verseël is, die plae beveel is om nie naby enige van hulle te kom wat die Seël van God op hulle voorhoof het nie. Skenk dit, Here. Red die redbares vanaand, vul hulle met die Heilige Gees, wat daarvoor wag, en genees al die siekes en die beproefdes.

37 Seën die heiliges, Here, gee hulle 'n nuwe moed, mag hulle die wapenrusting 'n bietjie vaster trek. Seën elke kerk, elke denominasie. God, ons bid dat U arms van genade sal uitreik na hulle, en daar 'n herlewing sal uitbreek in elke kerk deur hierdie gemeenskap hier, en daar 'n byeenkoms sal wees soos

die, 'n rukwind. Skenk dit, Vader. Stuur 'n herlewing vir hierdie wonderlike mense hier wat U liefhet. Ek bid dat U ons sal vergewe van ons tekortkominge en sondes. Nou, Vader, verberg die spreker, vanaand, in die Bloed van die Here Jesus, want ons vra dit, in Sy Naam. Amen.

38 In die Evangelie geskrifte vanaand, in die Boek van Matthéüs se 12de hoofstuk, en die 42ste vers, wil ons 'n teks daar neem vir 'n klein konteks, as die Here wil.

39 Net vanmôre moes ek soort van, wat ek noem, vir Broer Moore praat. Broer Moore moes teruggaan huis toe, want hy bring sy vrou, en hulle, af in die oggend, en ons wag vir hom om te kom. Broer Moore is 'n groot siel vir God, 'n groot man van God. Ek het hom geken vandat ek net 'n—'n, wel, begin het in die bediening, veertien jaar gelede in evangelistiese diens. Hy was baie plekke oor die wêreld. Ek het hom gevind, hy is nie hier vanaand nie, so ek kan dit sê, 'n ware, getroue Christen, 'n ware man van God, Broer Moore, het 'n wonderlike kerk daarbo by Shreveport. Die Here seën hom.

40 Nou, in Matthéüs 12:42:

> En *die koningin van die Suide sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel: want sy het gekom van die* uithoeke *van die aarde af om die wysheid van Salomo te hoor; en kyk, hier is meer as Salomo*.

41 Jesus het die mense bestraf, en, omdat hulle Sy Boodskap misverstaan het, en hulle het Dit iets probeer uitmaak wat Dit nie was nie. Hy was in hulle stede, en het wonderwerke gedoen, en het Sy Messiaanse teken vir die mense gewys, waarvan ons gisteraand gepraat het. En ons vind dat diegene wat verordineer was tot die Lewe, dit gesien het, diegene wat nie verordineer was tot die Lewe nie, dit nie gesien het nie.

42 Die Evangelie verblind diegene wat is—nie gewillig is om dit te aanvaar nie, en dit sal sig gee aan diegene wat gewillig is om dit te aanvaar. En dis hoe dit was in Sy dae, toe die Skrif die dinge presies duidelik gestel het wat Hy gedoen het, en gesê het Hy sou dit doen, en hoe hulle dit gemis het, dit het gewys dat hulle verblind moes gewees het.

43 En om daaraan te dink, daardie arme Jode was verblind dat ons oë 'n kans kon hê om oopgemaak te word. En nou, verblind dieselfde Evangelie wat die Jode verblind het, die kerk, dieselfde ding presies belowe, en dit gaan 'n miljoen myl oor hulle koppe. Ek is bly julle neem dit op band op.

44 Ek weet dis SO SPREEK DIE HERE dat die—die Evangelie, dieselfde Evangelie wat die Jode verblind het, nou die Heidene verblind, want dit is dieselfde Evangelie, want daar is geen ander Evangelie behalwe die Evangelie van die Here Jesus Christus nie. Ons het baie geloofsbelydenisse, maar daar's een Evangelie. Wat

is die Evangelie? Die Evangelie het nie net in Woord gekom nie, maar deur krag en demonstrasie, manifestasies van die Heilige Gees, God wat Sy Woord laat gebeur.

45 Dit moes dit wees, want in Markus 16 het Hy gesê: "Gaan in die hele wêreld in en verkondig die Evangelie. Hierdie tekens sal volg." Of andersins: "Gaan in die hele wêreld in, en demonstreer die krag van die opstanding." Hy's nie dood nie, maar Hy's lewendig. En Hy maak staat op my en jou om Hom deur ons te laat werk om Sy wil te laat geskied.

46 En as enigiets wat ons ooit benader, nie Skrif is nie, is julle verplig om ons daarvan te kom vertel. Dit moet uit die Bybel kom, deur die Bybel, dit moet ooreenstem met die res van die Skrifte, en reg wees. As dit nie is nie, dan is ons—ons gereed om te sê dat dit verkeerd is. En as 'n Engel, of, uit die Hemel, of enigiets anders, enigiets anders sou kom preek wat nie in hierdie Bybel is nie, moet julle nie daarna luister nie. *Hierdie* is God se Woord, en God se Woord alleen, en ons weet dat Dit waar is.

47 Nou, ons vind dat Jesus deeglik, en, elke gelowige wat in Hom geglo het, oortuig het, soos Hy gesê het: "My skape luister na My Stem, vreemdeling sal hulle nie volg nie." En ons het gisteraand gevind, deur te gee wat God gesê het Hy sou wees wanneer Hy kom, waarvan die profeet gepraat het, dat Hy 'n God-Profeet sou wees. "Die Here julle God sal 'n Profeet oprig soos wat ek is." En hulle het geweet die Messias sou wees. . . die teken van die Messias sou die profeet wees.

48 Hier 'n tyd gelede, gepraat met 'n rabbi, waar 'n man, John Rhyn, wat blind was vir twintig jaar, sy sig ontvang het, gebedel in die strate in Fort Wayne.

En hierdie rabbi het my ingeroep, en gesê: "Met watter gesag het jy John se oë geopen?"

Ek het gesê: "Ek het nooit sy oë oopgemaak nie."

Gesê: "Wel, hoe het jy dit gedoen?"

Ek het gesê: "In die Naam van die Here Jesus Christus, die Seun van God."

En hy het gesê: "Ver sy dit van God om 'n Seun te hê! Hoe kan 'n Gees 'n Seun hê?"

Ek het gesê: "Rabbi," ek het gesê: "ek wil graag vir jou iets vra: Sal jy die profete glo? Dit sou nie vir jou moeilik wees om die profete te glo nie?"

Hy het gesê: "Sekerlik, ek glo die profete."

Ek het gesê: "Van wie het Jesaja gepraat in 9:6 toe hy gesê het: 'Vir ons is 'n Kind gebore, Seun gegee?'"

"Wel," het hy gesê: "dit was die Messias."

Ek het gesê: "Watter verhouding is Messias tot God?"

Hy het gesê: "Hy is God, die Gesalfde."

Ek het gesê: "Sê vir my een plek waar Jesus ooit nagelaat het, wat Hy nie gewys het dat Hy die Gesalfde Messias was, die Here julle God nie?"

En hy het gesê: "Wel, hy was 'n dief."

Ek het gesê: "Hoe was Hy 'n dief?"

Gesê: "Hy het mielies reg uit die mielieland gesteel."

49 Ek het gesê: "Rabbi, jou eie wet het gesê dat 'n man deur 'n mielieland kan gaan en eet wat hy wil, maar hy kan nie enige in 'n sak wegdra nie." Hy het dit nie eens geweet, as 'n rabbi nie. Hy kan nie enige wegdra nie, maar toegelaat, Hy . . . Ek het gesê: "Hy het nie gesteel nie." Julle weet, daardie rabbi het daar gestaan vir 'n paar minute. En ek het gesê: "Rabbi, glo jy nie dat Hy *Dit* was nie?"

Hy het gesê: "Kyk, meneer," gesê: "as ek dit gepreek het, sou ek daar onder in die straat gebedel het."

50 Ek het gesê: "Ek sou liewer daar onder wees en bedel, en rivierwater drink, as om drie keer per dag hoender te eet, en my naam in goud op hierdie tempel hier, en weet ek is verkeerd. Ek sal liewer eerlik wees."

En hy het begin huil, en hy het omgedraai, hy het gesê: "Ek sal jou later sien."

Ek het gesê: "Jy's nie eerlik met my nie, Rabbi."

Hy het gesê: "Ek glo as daardie tempelpriesters na Hom sou geluister het, sou ons vandag in 'n beter toestand gewees het."

En ek het gesê: "Dan glo jy. Wat daarvan?"

Hy het gesê: "Ek glo Hy was 'n goeie Man."

Ek het gesê: "Rabbi, glo jy Hy was 'n goeie Man?"

Gesê: "Ek sal verder as dit met jou saamstem, ek glo Hy was 'n profeet."

51 Ek het gesê: "Dis al wat ek wil hê jy moet sê. Dan het Hy gesê Hy was die Seun van God, en dan, as Hy 'n profeet was, kan Hy nie lieg nie, so daarom, glo jy Hy was die Profeet, die Seun van God, Hy het die teken van Messias gewys."

En hy wou nie langer met my praat nie, en het in die plek ingegaan.

52 O, broer, wat daardie liefde vir geld sal doen! Wat 'n liefde vir een of ander kerklike vorm sal doen! Maar wat die liefde van God dan sal doen, aan 'n hart wat gewillig is om oor te gee aan die wil en weë van God!

53 Jesus het vir hulle bewys, gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie, maar as Ek die werke doen," gesê: "luister dan na die werke, as julle My nie kan glo nie."

Hulle het gesê: "Hy, as 'n mens, maak homself God."

Gesê: “As Ek die werke van God doen, wat het julle dan van hulle te sê?” andersins.

54 Nou, ons vind dat Hy daardie dinge, daardie tekens en wonders voor hulle gedoen het. En baie van hulle . . . Die Heidene het hulle nie gesien nie, want hulle het niks geweet van ’n komende Messias nie, maar die Jode en die Samaritane het daardie Messiaanse teken gesien, en sodra hulle dit gesien het, het hulle gesê: “Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel.”

55 Die vrou by die put het gesê: “Ons weet dat Messias kom en hierdie dinge sal doen, maar U moet sy profeet wees.”

Jesus het gesê: “Ek is Hy.”

56 O, daar was nooit ’n mens wat dit kon sê behalwe Hy nie, kan nooit weer wees nie, want Hy was die enigste Een. Dis reg.

57 Nou, en hulle het dit nie gesien nie, en toe hulle dit gesien het, hulle het dit bespot en gesê dat Hy dit gedoen het deur ’n bose gees, dat dit Beëlsebub was. Ander woorde, Beëlsebub is ’n duiwel, met ander woorde, die mag van die duiwel, Hy was ’n fortuinverteller. En hulle het gesê dis ’n fortuinverteller, want Hy kon die gedagtes in hulle gedagtes onderskei, en vir hulle sê: “Waarom redeneer julle in julle hart? Ek het jou gesien toe jy onder die boom was. Jou naam is Simon, jou vader se naam is Jona.”

“Wel,” het hulle—hulle gesê: “hy’s ’n fortuinverteller.”

58 En Jesus het gesê: “Ek sal julle vergewe dat julle dit sê, maar eendag kom die Heilige Gees, en om daarteen te praat, sal nie vergewe word in hierdie wêreld, of in die wêreld wat sal kom nie.” So die erns wat ons in die gesig staar in hierdie dag aan die eindtyd!

59 Gepraat van die eindtyd, die teken wat aan Lot gegee is in sy dae, sou weer verskyn in die laaste dag, en Jesus wat daar gestaan het op daardie tyd en dit gedoen het, en hulle het gesê . . . Gepraat van die dae wat verby is, en Hy het die stede bestraf, en hulle vertel van hulle ongeloof, en die hardheid van hulle harte, en toe, uiteindelik, het Hy met hulle begin praat oor God.

60 En God het in alle eeue en alle tye altyd tekens en wonders onder Sy mense gehad. Nie in enige tyd of enige eeu nie, ek wil hê enige geskiedkundige moet saam met my teruggaan selfs na die *Niceense Raad*, of selfs die *Pre-Niceense Raad* in die geskiedenis, en uitvind of enige in die, enige tyd af deur Luther, Martin, John Smith, Moody, Sankey, Calvyn, Knox, Spurgeon, enige tyd wat hulle ooit ’n ware uitstorting van herlewing gehad het, hulle nie die krag van God onder hulle gemanifesteer gehad het deur tekens, wonders, praat in tale, demonstrasies, Goddelike genesing, ensovoorts nie, nie een keer nie.

61 En elke keer wat hulle 'n herlewing begin het, het iemand opgestaan en 'n organisasie daarna begin, en dit het gesterf, en het nooit weer teruggekom nie. Ondersoek die Skrifte, ondersoek die geskiedenis, en vind uit of elke keer wat hulle ooit die Christengodsdiens georganiseer het, dit net daar gesterf, en nooit weer opgestaan het nie, kan nie.

62 God gaan óf die Kerk lei, óf die Heilige Gees gaan Dit lei, óf die mens gaan Dit lei. As jy die mens kies, gaan voort, God trek Sy Kerk reguit uit, Vuurkolom beweeg aan, en die Kerk beweeg Daarmee saam.

63 Hy het individue in elke kerk, allerhande verskillende soorte kerke. As 'n man 'n Katoliek is, en hy maak staat op die Katolieke kerk vir verlossing, is daardie man verlore, maar as hy 'n Katoliek is, en op Jesus Christus staatmaak vir verlossing, "Deur geloof word julle gered, en dit deur die genade van God." Of hy Baptis, Pinkster is, wat hy ook al is, dis ons geloof, ons persoonlike geloof in die dood, begrafnis, en opstanding van Jesus Christus, ons Verlosser.

64 Moet nooit enige grenslyne trek vir organisasies nie, ons glo alle mense is, het die reg om 'n Christen te wees, "Wie ook al wil, laat hom kom." Maak nie saak watter kleur, geloofsbelydenis, wat hy is nie, as hy 'n gelowige van die Here Jesus Christus is, en Hom aanvaar het as persoonlike Verlosser, is hy gered deur geloof, dis die genade van God wat hom geroep het.

65 Nou, ons vind uit dat God deur die eeue heen, altyd tekens en wonders met Sy mense gehad het, deur alle eeue heen, elke eeu. En ons gaan terug, Jesus het terugverwys na hulle toe Hy gesien het dat hulle Hom nie as die Messias wou glo nie, en Hy begin terugverwys het na vorige eeue, Hy het gesê: "Voorwaar, Ek sê vir julle, dat Jona, in die dae van Jona . . . "

Hulle het Hom gevra vir 'n teken, hulle het gesê: "Wys vir ons 'n teken."

66 Julle sien, maak nie saak hoeveel dinge plaasgevind het nie, hulle het dit nie gesien nie. Dis dieselfde ding vandag, wel, mense sit reg langs die ander een soos daardie, en een kan die krag en heerlikheid van God sien, en die ander sien niks nie. Wel, soos Paulus, die Vuurkolom, Dit was, Hy kon Dit goed sien, maar hulle wat langs hom gestaan het, kon Dit nie sien nie. Die wyse manne het die Ster gesien, niemand anders het dit gesien nie, het reg oor die sterrewagte gekom, en alles, omdat hulle nie daarna gesoek het nie; jy moet na iets soek. Jy moet kom met verwagtinge, gelei deur die Heilige Gees, dan sal God Homself aan jou openbaar.

Nou, ons vind uit dat hulle gesê het: "Ons wil 'n teken van u hê."

En Hy het gesê: "'n Bose en owerspelige geslag soek na tekens, en daar sal geen teken daarvoor gegee word, behalwe die teken van Jona nie."

67 Sê, ek mag hier stop net ’n oomblik, voor ek afkom. . . Ons sal probeer om julle nie te lank te hou nie, ek het dit gisteraand oordoen. Was ’n merkwaardige ding, ek het vanmôre ’n preek gepreek binne twintig minute. Predikers, dis net baie goed. Neem my gewoonlik omtrent drie uur om deur een te kom. Maar party mense kan preek en meer sê in, miskien, binne vyftien minute as wat ek kan in drie uur.

68 Ek’s ’n—ek’s ’n suiderling, ek’s stadig, en ek kan net nie te vinnig daaraan dink nie, ek moet wag op Hom om my te vertel, en dan sê ek dit. So, ek het nooit na enige skole of kweekskole toe gegaan nie, so ek moet net op Hom wag, dit net sê wanneer Hy dit sê, net agter Hom aankom. Maar ek’s redelik seker ek’s reg as ek op Hom wag. Verdra my net vir ’n rukkie.

69 So dan, vind ons uit dat die dae van Jona. . . Nou, baie mense spot met Jona, sê: “Hy was ’n Jona.” Wel, Jona was nie ’n slegte kêrel nie, Jona was ’n profeet, en hy kon nie soveel buite die wil van God gekom het nie, dit was alles deur die wil van God. Hy het nooit die verkeerde skip geneem nie, hy het die regte skip geneem.

70 Het julle al ooit die geskiedenis van Jona gelees? Dis wonderlik! Julle weet, ek het altyd jammer gevoel vir hom onder in die maag van daardie walvis, sy hande was vasgebind, en sy voete vasgebind, en in ’n stormagtige see, en uitgegooi, en die walvis het hom ingesluk. En toe die walvis. . . ’n Vis vreet, dan wanneer dit klaar gevreet het, gaan dit onder na die bodem toe en dit lê op die bodem. Voer jou klein goudvissies en hou hulle dop, hulle sal afgaan, hulle klein vinnetjies op die bodem sit, nadat hulle die maag vol kry, en—en—en ’n rukkie rus.

71 Wel, hierdie walvis was gevul met hierdie profeet, en het afgegaan na die bodem van die see. En hy het daar gelê met sy hande vasgemaak, sy voete vasgemaak, en in die braaksel van die walvis, in sy maag, waarskynlik twintig vaam diep, en die bodem van die see, en ’n stormagtige see bo-op, en daar gelê, oral waar hy gekyk het, was dit ’n walvismaag, hy vorentoe gekyk het, was dit walvismaag, agtertoe was walvismaag, oral rondom. Praat van simptome? Hy het hulle gehad, ’n slegte geval.

72 Maar weet julle waarvan ek hou van Jona? Hy het geweier om enigiets daarvan te sien, hy het gesê: “Ek sal weereens kyk na U heilige tempel. Hierdie dinge is valse nietighede. Ek kyk na U heilige tempel, want toe Salomo die tempel toegewy het, het hy gebid, en gesê: ‘As U volk enige tyd in die moeilikheid is, en kyk na hierdie heilige plek, hoor dan uit die Hemel.’” En, julle weet, onder in daardie walvis se maag het Jona steeds onthou dat daardie gebed voldoende was, en hy het gesê: “Ek sal nog een keer kyk na U heilige tempel.” En God het daardie walvis hom laat neem net presies na waar God wou hê hy moes gaan.

73 En as Jona onder daardie omstandighede, daar's niemand hier wat in 'n slegter toestand is nie, beslis nie, onder daardie omstandighede kon kyk na 'n tempel wat gebou is deur die hande van mense, en die gebed van 'n man wat 'n sterfling was, later afvallig geword het, en kon glo dat God sy gebed gehoor het, en God dit op so 'n manier beantwoord het om hom onder sulke omstandighede te verlos, hoeveel te meer behoort ons, vanaand, weg te kyk van ons simptome na die troon van God, waar Jesus sit met Sy Eie bloederige klere, en die Seun van die groot Majesteit Daarbo om voorspraak te maak?

74 Weier om na jou siekte te kyk. Weier om enigiets teenstrydig te sien met. . .Wees soos Abraham van ouds. Toe hy vyf-en-sewentig jaar oud was, Sara vyf-en-sestig was, en God vir hom gesê het hy gaan 'n baba by Sara hê, het hy dit geglo. Vyf-en-twintig jaar het hom nooit enigsins verander nie: "Hy het nie getwyfel aan die belofte van God deur ongeloof nie."

75 Ek kan hom hoor sê na die eerste dertig dae. . .Hy het saam met haar gelewe vandat sy 'n kind was, of, jong vrou, sy was sy halfsuster, en sy was steriel, hy was ook. En hy het gesê. . .En sy was verby die ouderdom om kinders te kry, verby die ouderdom van menopouse, sy was vyf-en-sestig jaar oud, hy was vyf-en-sewentig. En ek stel my voor na omtrent *soveel* dae het hy gesê: "Hoe voel jy, Skat?"

"Nie anders nie."

76 "Prys God, ons gaan dit in elk geval hê. Gaan dorp toe, koop vir jou 'n klomp klein, pienk kousies, en 'n bietjie voël-oog materiaal, en 'n paar spelde. Maak gereed, ons gaan dit hê, in elk geval." Wel, hulle het gedink hy is mal!

77 En hulle sal dink jy's mal, solank jy God op Sy Woord neem, en enigiets teenstrydig Daarmee ontken.

78 Hy het geweet God was in staat om te bly by wat Hy gedoen het, en ons is veronderstel om kinders van Abraham te wees. Ons is kinders van Abraham as ons die geloof van Abraham het. Al die res behalwe God se Woord is 'n leuen.

79 Kyk wat God gesê het, ons kyk na die onsigbare, julle kyk wat julle sterflike oë nie sien nie. Jy *sien* in elk geval nie met jou oë nie. Jy *kyk* net met jou oë, jy *sien* met jou hart. Jy kyk reguit daarna, sê: "Ek sien dit nie," jy bedoel jy verstaan dit nie. Jou *sien* is jou insig, so jy verstaan met jou hart.

80 Nou, Jona, in al daardie toestande, het God sy gebed geëer. Daar's een ding daaromtrent, 'n ware kind van God, jy kan hom nie weghou van gebed nie. Hulle het Dit uit Johannes probeer uitbrand, en hulle het hom op die Eiland van Patmos gesit nadat hulle hom in vet gekook het vir vier-en-twintig uur, jy kon Dit nie uit hom uitkook nie; Dit probeer bangmaak met 'n paar leeus, uit Daniël uit, hy kon dit net nie doen nie; het Dit met vuur probeer uitbrand uit die Hebreeuse kinders, kon dit net nie

doen nie. Wel, jy kan nie die Heilige Gees uitbrand nie, Dit is Vuur, Vuur beveg vuur. En wanneer 'n man regtig gevul is met God se Gees, die Heilige Gees, kan jy Dit nie uitbrand, Dit uit bangmaak, Dit uitjaag nie, Dis daar om te bly.

81 Nou let op, nou, ons het altyd gedink Jona het uit die wil van God uitgegaan, hy het nie. Ninevé was 'n groot stad, vol sonde, afvallig, net omtrent soos, amper die grootte van St. Louis, 'n groot stad, baie duisende mense daar wat afgedwaal het in sonde, afgode begin aanbid het. En nou, hulle hoofafgod, hulle hoofgod van die see, hulle beroep was visvang, en die hoofgod van die see was die walvis, en toe hierdie walvis ingeswem kom tussen die vissermanne, sy tong uitgelek het vir 'n loopplank, en die profeet reg uit die walvis se mond uitgeloop het, sekerlik, gaan hulle dit glo, God het Sy profeet reguit uitgelewer aan hulle. God weet hoe om dinge te doen. Mag dalk dom klink, maar dis wat Hy gedoen het.

82 Nou let op, 'n lang pad om by die punt te kom, maar let op, Jesus het gesê, kry dit nou, hier kom dit, laat julle hart oopgaan, Jesus het gesê: "'n Bose en 'n owerspelige geslag soek na 'n teken." Nou, Hy kon nie met húlle gepraat het nie, want Hy was nog nie dood nie, maar het gesê daar sal vir hulle 'n teken gegee word. Die teken: "Soos Jona drie dae en nagte in die maag van die walvis was, so moet die Seun van die mens drie dae en nagte in die hart van die aarde wees." Andersins, watter soort teken sou 'n bose en owerspelige geslag vind, vir hulle gegee word?

83 Nou, jy kan praat oor al die tekens wat jy wil, hier's 'n teken wat Hy gesê het: dat 'n bose en 'n owerspelige geslag. . . En dit is hierdie! Sodomiete versprei oor die aarde, twyfel, ongeloof, ismes, allerhande dinge wat oor die aarde versprei, dis 'n bose en 'n owerspelige geslag. Maar Hy het gesê hulle sal die teken van die opstanding ontvang. Halleluja! Wat? Jesus Christus lewendig onder ons, wat in ons midde wandel, Hy's nie dood nie: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen. 'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien, want Ek sal met julle wees," *Ek* is 'n persoonlike voornaamwoord: "Ek sal met jou wees," nie iemand anders nie: "maar *Ek* sal, Ek sal wees met. . . "

Wie?

Die gelowiges. "Die wêreld sal My nie sien nie, maar julle sal My sien, want Ek sal met julle wees."

Hoe?

"In julle."

Hoe ver? Tot die apostels se geslag?

"Tot die einde van die wêreld. Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Die einde van die voleinding.

84 Die groot profeet Elía wat op die toneel verskyn het, 'n vrouehater, wildernisman met 'n Boodskap om die harte van die kinders terug te draai na die vaders. Onthou, Hy het 'n veelvoudige koms gehad. Onthou in Maleági 4 (Maleagi 3 het gepraat van Johannes die Doper wat kom, soos waarna Jesus verwys het: "Waarom het die profeet gesê: 'My boodskapper?'") maar onthou, die Maleági, Maleági 4 wat kom, kyk na die laaste vers daarvan, ons weet dit was nie Johannes nie, omdat Hy gesê het Hy sou die aarde met 'n hitte verbrand, en die regverdiges sou uitstap op die as van die goddelose. So dit het nooit gebeur toe Johannes gekom het nie, maar daardie Elía is weer vandag geprofeteer.

85 Let op, die eerste Elía was om die harte van die vaders terug te draai na die kinders, die ou Ortodokse na die nuwe Boodskap wat aan die gang was, wat hy gegee het, en daardie *en* is 'n voegwoord om die vers saam te voeg: "die harte van die kinders terug na die vaders." En dan die Boodskap van Johannes in die laaste dae, of, die Boodskap van Elía, sal die gees in die Kerk wees, sal wees, die harte van die mense neem wat weggeval het van die Pinkstervaders, en hulle harte weer terugdraai na die oorspronklike Boodskap van Pinkster, soos Dit begin het, die boodskapper van die verbond, die sewende ster van die dag, ons lewe in daardie dag.

86 Let op hierdie geslag, bose en owerspelige geslag, sal soek na 'n teken, en hulle sal dit kry. Watter soort teken? Die teken van die opstanding, Hy is nie dood nie, maar Hy's lewendig. Ons godsdiens is nie 'n geskiedenis nie, dis 'n lewende feit, dis 'n lewende God, dis 'n lewende ondervinding. "Soos dit was in die dae van Jona."

87 Nou, Hy het aangegaan, Hy het nog 'n stelling gemaak, Hy het gesê: "En soos dit was in die dae van Salomo." Destyds in die dae van Salomo. . . Wanneer God 'n gawe na die aarde toe stuur, as die mense dit ontvang, word dit 'n goue eeu vir hulle, as hulle dit verwerp, word dit 'n chaos vir hulle. Kyk wat gebeur het toe Jesus God se Boodskap aan die mense was, en hulle dit verwerp het, kyk wat gebeur het met die mense wat Dit verwerp het.

88 In die dae van Salomo, was Salomo die. . . Salomo se regering, enige prediker weet dit was 'n goue eeu vir Israel, die grootste eeu. Hulle het die tempel gebou, hulle het geen noemenswaardige oorloë gehad nie, en hulle het 'n krag van God onder hulle gehad. O, daardie gawe was so groot, dat al die nasies rondom hulle vrees.

89 Luister, broer, wat ons vandag nodig het, ons het nie atoomskuilings nodig nie, wat ons nodig het, is die doop van die Heilige Gees. Nasies sal vrees, as hierdie hele Verenigde State wat aanspraak maak om 'n Christen te wees, sal val onder die krag van God, sal daar soveel dinge hier gebeur dat elke volk

bang sal wees om 'n atoombom los te laat. Reg. Hy is ons Toevlug, Hy is ons Krag, ons Skild, ons Beskermer, ons Alles in alles.

90 Nou, ons let dan op dat Hy gesê het: "Soos dit was in die dae van Salomo, toe die Koningin van die Suide gekom van die uiterste dele van die aarde om die wysheid van Salomo te hoor." Nou, in die dae van Salomo was al die mense eendragtig, hulle het almal ingekom en 'n gawe ondersteun. Salomo het 'n gawe gehad. Het julle dit geweet? Salomo het 'n gawe van onderskeiding gehad, en hy het gehad 'n. . .hy kon dinge onderskei, gewys dit kom van God af.

91 Wel, al die nasies het gekom, en ingegaan by die tempel, en geluister na hierdie groot man, Salomo, gekyk na sy wysheid, en geweet hy was net 'n man, hulle het geweet dit moes van God af kom. En, o, hoe almal daarvan gepraat het! Elke Israeliet kan sy bors uitsteek, sê: "Ons dien nie 'n dooie God nie, ons dien Een wat lewe. Ons kan dit vir julle bewys, kom af na die diens toe vanaand, vind uit of dit reg is of nie." Amen. Ek hou daarvan. Dan weet jy waar jy staan.

92 "Kom soontoe, en kyk of dit reg is of nie. Kom na ons land toe hier oorkant, kyk of die lewende God in 'n man kan inkom en hom amper 'n superman kan maak." Amen. Dis wat Hy doen met elke wedergebore Christen, 'n superman, 'n supervrou, superkind, draai sy rug op sonde en die dinge van die wêreld, en wandel in vrede met God. Superteken, Hy het gesê Hy sou 'n superteken gee.

93 Nou let op, al die mense het dit ondersteun. Sou dit nie wonderlik wees vanaand as die hele Amerika, al ons Amerikaners ons denominasionele verskille sou vergeet, en ons almal die Gawe wat God ons gegee het, die Heilige Gees, sou ondersteun nie? Elke kerk en elke persoon dit sou ondersteun, wel, die na-. . .dit sou die nuus van die wêreld wees, oral. Maar o, nee: "As dit ons denominasie is, is dit alles reg, maar as ons denominasie, dit nie van ons is nie, nee, niks daaraan nie." Sien? O, hoe vleeslik! Geen wonder God kan niks vir ons doen nie. Wanneer dit in daardie toestande is, het jy niks om op te bou nie.

94 Let op, Hy sal nooit op ons organisasies bou nie, kry dit net uit julle kop uit. Hy sal op Christus Jesus bou met elke indiwidu wat sal kom en Hom ontvang uit enige organisasie, 'n regte, eerlike hart.

95 En een is net so goed soos die ander wanneer dit daarby kom, want dis alles organisasie, wat in orde is, wat heeltemal in orde is. Maar wanneer jy ook al plaas. . .

96 Iemand het vir my gesê nie lank gelede nie, gesê: "Broer Branham, weet jy wat gebeur het? Hierdie groot organisasie waarvan jy gepraat het, het gesê dit het jou altyd geborg," gesê: "weet jy wat het hulle gedoen? Hulle het jou uitgegooi, hulle

sal niks meer met jou te doen hê nie.” Gesê: “Hulle het hulle voorwaarde gestel, en gesê: ‘Niemand ontvang meer vir Broer Branham nie.’”

97 Ek het gesê: “Wel, ek het myne ook gestel, en ver verby hulle gegaan, en hulle ingesluit.” Dis ons almal, nie ek nie, dis reg. Ek sluit hulle in, want baie van God se kinders is daarbinne, en dis reg. Die Boodskap is aan God se kinders, nie aan enige sekere organisasie nie, maar aan God se kinders. Hulle het my uitgesluit, ek sal hulle insluit deur myne ’n bietjie wyer uit te sprei, en dit net in te sluit. Dis al.

98 So ons moet mekaar liefhê, die wortels van bitterheid uit ons uithou, dan kan God deur ons gaan werk, maar tot ons dit kry, dan slaan ons—ons—ons net teen die wind. Waar. Ons moet mekaar liefhê. Jesus het gesê: “Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is.” Reg of verkeerd, hê in elk geval lief.

99 Nou, dan vind ons uit, dat—dat almal, in die dae van Salomo, eendragtig was. En almal wat deurgekom het, hulle het toe nie televisies gehad nie, dank die Here, maar hulle het—maar hulle het, hulle, enigste manier wat hulle ’n woord kon kry, was van lip tot oor. En almal wat deurgegaan het sou ingaan en hierdie wonderlike dienste sien, en afgaan, hulle land vertel.

100 En julle weet, Jesus het gesê: “Die Koningin van die Suide,” wat van Skeba was, “van die uithoeke van die aarde gekom het.” Dit was die uiteindes van die bekende aarde op daardie tyd. Nou, as julle sal oplet, dis ’n lang ent daar onder oor die Sahara.

101 Nou, mense wat kom en gaan, die karavane van die kameelkaravane, en die wyse van vervoer wat hulle gehad het, mense sou inkom, en naderhand, die karavane wat deur haar land gaan, hierdie Koninginnetjie daar onder, sy was waarskynlik ’n heiden, heiden, en almal wat deurgekom het van bo rondom Palestina af, hulle het altyd gesê: “O, jy behoort te sien wat in Palestina aangaan. Goeiste! Hulle God is ’n lewende God. Wel, Hy het een daar bo gesalf, en hulle het hom selfs koning gemaak. En wysheid van onderskeiding? Jy het nog nooit so-iets gesien nie. Dit kan nie ’n mens wees wat dit doen nie. Ons het na die man gekyk, ons het handgeskud met hom, hy’s ’n man, hy het klere gedra, hy’s net ’n man, maar God het hom gekies, en hy—hy doen dinge wat bomenslik is, so ons weet dit moet van God af kom. En hy gee al die eer aan Jehova, hulle God. Jy moet dit kom sien!”

102 O, julle weet, geloof kom deur die gehoor, te hoor van God. Wel, die Koninginnetjie se hartjie het begin klop: “Jy weet, ek wil dit graag sien. Ek—ek—ek . . . ” Julle weet, julle hoor ’n getuienis.

103 Nou, wat as sy haar klein, gegrimeerde gesig opgetrek, gesê het: “*Hmm!* As daar enigiets is wat aangaan soos daardie, sou dit hier by my kerk gebeur het, sou nie daar bo gewees het nie”?

Goed. Die storie sou nooit geskryf gewees het nie, Jesus sou nooit na haar verwys het nie, sy sou 'n moderne Isébel gewees het.

104 En so, toe vind ons uit dat die dametjie begin honger en dors het. Geloof het 'n houvas gekry, en sy het begin dors na God. En Jesus het gesê: "Geseënd is hulle wat honger en dors." Net om selfs te dors, jy is geseënd net deur te dors, of jy enigiets kry of nie, net deur te dors.

Jy sê: "Wel, ek het nog nooit niks gekry nie."

105 Geseënd is jy, in elk geval, jy dors daarna, in elk geval. "Geseënd is hulle wat honger en dors na geregtigheid," maar Hy het jou nooit so gelos nie, Hy het gesê: "want hulle sal gevul word." Dit doen my net so goed. "Hulle sal gevul word."

106 Wanneer die diepte begin roep na die diepte, moet daar 'n diepte wees om op daardie roep te reageer. Voor daar 'n skepping kan wees, moet daar 'n Skepper wees om daardie skepping te skep, dis maar net so. Honger en dors na God!

107 Dan vind ons dat die Koninginnetjie baie opgewonde was. Nou, wat gebeur gewoonlik? Nou, sy het gode gehad, sy het 'n kerk gehad, en 'n pastoor, en was waarskynlik 'n heidense priester, iewers, maar nou was die regte ding om te doen, om te gaan, sy het 'n idee gekry dat sy wou gaan kyk of dit waar is. Ek hou daarvan. Ek bewonder dit in die Koningin, seën haar hartjie, ek sal haar in die opstanding sien. En sy—sy wou uitvind of dit waar was of nie.

108 Nou, sy was gehoorsamer as wat baie mense hierrond, en ander dele van die land is, hulle hoor van iets soos daardie: "Ag, onsin!" Sien? Maar sy wou uitvind, so sy het gesê: "Ek dink ek sal soontoe gaan." Nou, om soontoe te gaan, het sy gesê: "Die volgende ding wat ek moet doen, ek moet toestemming van my kerk kry," soos 'n goeie kerklidmaat gewoonlik maak.

109 So hulle het afgegaan na haar heidense priester, en sy het gesê: "Meneer, heilige vader," of wat hy hom ook al genoem het, en: "Ek sê jou dat ek nuus hoor dat daar 'n herlewing aan die gang is bo in Palestina."

"O, ek het daardie onsin gehoor vandat ek 'n kind was." Sien?

110 Julle weet, die duiwel vat sy man, maar nooit die gees nie, dit—dit lewe nog steeds. God vat Syne, maar ook nooit die Gees nie, dank God daarvoor. Die geeste veg reguit aan deur tabernakels van vlees tot aan die eindtyd.

111 "O, ek het daardie—daardie goed gehoor, jy glo dit nie. Nou laat ek jou iets vertel, my dogter, jy moet onthou, jy het groot aansien, jy's die—jy's die stigterslid van ons kerk hier. Jou mamma het aan hierdie kerk behoort, jou ouma het daaraan behoort, ons kom almal hiernatoe, wel, jou oorgrootjie ouma het hiernatoe gekom, en jy sou nie gekoppel wil word aan 'n klomp heilige-. . .," of, julle weet: "mense soos daardie nie. Jy sou nie

soontoe gaan in so-iets soos daardie nie, dit sou ’n skande wees vir jou om gekoppel te word aan ’n skare soos daardie.”

112 Maar, julle weet, wanneer God begin werk met ’n menslike hart, maak nie saak hoe groot hulle is nie, laat Hy hulle sien hoe gering hulle kan word, julle sien. Sy het gesê: “Maar, meneer, jy weet ek. . . Daar’s *iets* in my wat ek—ek dit gaan wil sien.”

113 “Wel, ek sal jou nie toestemming gee nie! Ek gaan dit sterk stel, ek weet jy’s die Koningin, maar ek’s die priester. En jy sal skande bring oor jou pappa, en mamma, en oor hierdie heilige tempel, as jy gekoppel sou word aan so ’n groep soos daardie. Wel, kyk wat hulle is, wel, hulle is afvalliges, daar is niks aan hulle nie. Jy behoort nie soontoe te gaan en met so ’n groep soos daardie te lol nie. As daar so-iets soos ’n lewende God was, kyk na die gode wat ons hier het!”

114 Dis wat die probleem vandag is, het te veel gode.

115 So hulle het gesê. . . Sy het gesê: “Maar kyk, laat ek jou iets vertel, ek. . . My ouma het hiernatoe gegaan, het jy gesê, my oupa het hiernatoe gegaan, en my mamma het hiernatoe gegaan, en ek het hiernatoe gegaan, en ek het al julle geloofsbelydenisse my hele lewe lank gehoor, hulle het dit hulle hele lewe lank gehoor, en ons het nie een mompel, of enigiets, uit hulle gesien nie, hulle is dood. Maar hulle sê vir my dat daar Een daar bo lewe, dis die Een wat ek wil uitvind.

116 “As jou geloofsbelydenis reg is,” mag sy gesê het: “hoekom sien ons nie iets van jou god waarvan jy praat nie? Jy het gesê hy was, of het hy gesterf? Wat het met hom gebeur? Ons het hom nog nooit gesien nie, Ouma het dit nooit gesien nie, en haar mamma het dit nooit gesien nie, en haar mamma het dit nooit gesien nie. Wanneer was hy God?” Ek hou daarvan. Maak dit werklik. “Wanneer was hy?”

117 Wel, sy mag, of, hy mag dit gesê het: “Nou, my dogter, jy gaan afgaan in die. . . aan die verkeerde kant, hier, die diepkant, jy gaan in fanatisme ingaan.”

118 Maar sy het gesê: “Meneer, ek wil hê jy moet dit weet: Ek gee nie om wat die prys is, en wat jy sê nie, ek gaan, in elk geval.” Ek hou daarvan. Geen wonder Jesus het gesê sy sal hierdie geslag veroordeel by die opstanding nie. “Ek gaan, in elk geval.”

“Ons sal jou ekskommunikeer! Moenie terugkom hiernatoe nie. . . ”

“As dit reg is, moenie bekommerd wees nie, sal ek in elk geval nie terug wees nie. Ek sal nie teruggaan nie, o, nee, nee! Ek gaan eers uitvind of dit reg is.”

119 Ek kan haar nou sien, sy het dit oordink. Nou, sy het baie dinge gehad om haar te hinder. Enige persoon wat na Christus toe kom, moenie bekommerd wees nie, die duiwel gaan jou baie

gee om jou te hinder, hy wil nie hê jy moet daar kom nie, jy gaan deur ’n paar hindernisse gaan om daar te kom.

120 Voor jy jou kom kry, wel, ek kan my voorstel sy het teruggegaan deur die paleis, sy het gaan sit, sy het dit bestudeer. Ek kan haar hoor sê: “Nou, ek het al die Boekrolle gelees wat ek kon vind oor daardie antieke God van hulle destyds daar, dat, Israel se God, Jehova waarvan hulle praat, ek het hulle Boekrolle hier in ons biblioteek, en die priester het Hulle gebruik om Hom te kritiseer. Maar as daardie Jehova dit met ’n man doen, beteken dit dat Jehova ’n lewende Gees is wat in ’n lewende persoon is, Hy is geïnteresseerd in ’n lewende wese, Hy is nie een of ander afgod, of een of ander marmerbeeld nie, Hy is ’n lewende Persoon. So daarom gaan ons. . . Ek gaan soontoe gaan om hom te sien.”

121 Nou, sy sê dit: “Nou, die eerste ding wat ek gaan doen, ek gaan soontoe, eerste, om my eie opinie daaroor te vorm. Ek gaan nie iemand anders se woord vat nie, want hulle kritiseer, een wat *dit* sê, en een wat *dat* sê. Nou, laat ek self gaan uitvind.” Ek hou daarvan. Ek hou daarvan.

122 “Laat ek self gaan kyk of dit reg is of nie, laat ek dit ondersoek. Ek sal—ek sal dit vergelyk met hierdie Boekrolle wat ek gelees het. As die Gees wat op daardie man is, ooreenstem met die Boekrolle hier, dan gaan ek sê Jehova is met hom, en Hy’s ’n regte God. Maar as dit net, Jehova een ding sê en dit gebeur nie, en hierdie dinge nie reg is nie, dan is hulle niks meer as ons afgode hier nie. So ek sal soontoe gaan en self uitvind.”

123 “Nou,” het sy gesê: “wag ’n bietjie, ek was ’n groot tiendebetaler hier onder, so,” nou, ek soek nie die guns van predikers, ensovoorts nie, maar sy het gesê: “as dit so—as dit so is, gaan ek dit ondersteun. Ek gaan ’n bietjie goud, en wierook, en silwer neem. As dit reg is, is dit die moeite werd om te ondersteun, as dit nie reg is nie, dan sal ek my geld terugbring.”

124 Sy behoort partymaal vir die Amerikaners te kom preek, dinge ondersteun wat vir julle lag en jou ’n holy-roller noem, en tog ondersteun julle dit. Dis reg. Maar daar het julle dit.

125 Sy het gesê: “Ek sal self uitvind, en as dit reg is, is dit alles werd wat ek kan doen om dit te ondersteun.”

126 En dis die waarheid, dis werd. . . nie meer. . . nie tien persent van jou geld nie, dis jou hele lewe werd, dis al die dinge van die wêreld vir jou werd, as dit reg is, is dit daardie kosbare Pêrel.

127 As die God nog steeds lewe, as Jesus Christus die Seun van God is wat vandag lewe, en vanaand lewe, Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, dan is dit elke deeltjie van ons tyd, ons talent, ons alles werd, moet ons alles verkoop, alles vaarwel toeroep, en dit dien. As dit nie is nie, wel, laat ons net by iets gaan aansluit, en voortgaan, goeie geselskap kry, en ’n redelike ordentlike lewe lei en aangaan, maar as dit reg is, laat ons—laat ons daarmee saamgaan. So dis wat sy gedink het.

128 So sy het die kamele gelaai met goud en wierook, toe het die gedagte gekom, julle weet, Ismael se kinders was in die woestyn in daardie dae, en hulle was rowers, en hulle was baie vinnige manne, ook, baie vinnige ruiters, moordenaars, daarbuite in die woestyn. En sy het—sy het 'n lang pad gehad om te gaan. Nou, sy het begin met haar diensmeisietjies en haar hofdienaars, klein handjievol van hulle om die Sahara woestyn oor te steek.

129 Nou, broer, ek het respek vir daardie vrou. Sy het nie... Julle weet, daar's iets daaromtrent, as jy, God regtig met jou hart praat, jy nie vrees oplet nie. As—as God met jou hart gepraat en vir jou gesê het Hy gaan jou genees vanaand, gee jy nie om wat die dokter sê verkeerd is met jou nie, dit neem net—dit neem net al die vrees weg daaruit, op een of ander manier. Sy het nie omgegee nie, sy het soontoe gegaan om te kyk of dit reg was of nie.

130 So sy het oor die Sahara Woestyn begin gaan. Nou, kyk wat daardie vroutjie...Sy moes waarskynlik in die nag reis. Daardie direkte strale van die Sahara Woestyn! En onthou, sy, dit neem haar...Weet julle hoe lank dit neem om daar oor te kom op kamele? Negentig dae, drie maande. Sy het daardie woestyn oorgesteek, nie in 'n lugversorgde Cadillac, een of ander lugversorgde koets, soos sommige mense hier in hierdie Verenigde State lewe nie, hulle sou nie oor die straat gaan om dit te sien nie, maar sy het die woestyn oorgesteek, negentig dae op 'n kameel, met die gevaar van alles wat daar was, sonder om na enigiets te soek, maar haar hartjie het geklop om uit te vind of Dit regtig 'n lewende God was of nie, in elk geval. Sy het daarvoor uitgehou.

131 Geen wonder sy sal opstaan in die geslag, in hierdie geslag en dit veroordeel nie. Sy het gekom van die uithoeke van die aarde, wêreld, onder die uiterste toestande teen haar, om te kom en uit te vind of dit die waarheid was of nie.

132 Deesdae, in plaas van om uit te vind, sal hulle in die kerk inkom, miskien gaan sit: "Ek sal net 'n oomblik sit." Party van die goeie bure het hulle gevra om te kom. "Ek sal sit, as hy nie die dinge sê waarvan ek hou nie, sal ek net opstaan en uitgaan."

133 O, jou ellendige skynheilige! O, ja. Ek bedoel nie om jou seer te maak nie, maar ek—ek—ek...dis beter om jou 'n bietjie te skroei as om jou te verbrand. So dis—dis—dis waar. Ek bedoel nie om jou seer te maak nie, ek bedoel nie om dit te doen nie, ek het jou te lief, maar ek probeer net 'n punt vir jou maak. Sien? O, goeiste! Dis so ellendig om so te lewe, ek sou haat om so te lewe.

134 En toe, daar het sy gekom, en nou, oor die woestyn, sy het dit so moeilik gehad. En sy het negentig dae gehad om te reis, miskien in die nag te reis, want so warm, sy kon nie in die dag reis nie, en al daardie rowers, met al daardie geld, en alles. En die enigste ding wat sy gedoen het, was een doelwit, dit was om

uit te vind of daar 'n lewende God was of nie, of Dit waarlik 'n lewende God was of nie.

135 Waarom is die mense nie vandag so eerlik nie? Waarom vind hulle nie uit nie? Hierdie Jesus waarvan ons almal praat, en geloofsbelydenisse oor het, en allerhande soorte geloofsbelydenisse, en dinge, laat ons: "Lewe Hy? Waar is Hy? Wat het met Hom gebeur? Die Bybel het gesê: 'Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen. Waar is dit?"

136 Wanneer Hy na die stad toe kom, wel—wel, lag mense daarvoor, bespot dit, stuur koerante 'n vieslike berig daaroor uit. O, broer, geen wonder daar's 'n bom wat in die skuilings oorkant vir ons hang nie! Dis reg. Maar nie vir die Kerk nie, onthou, Dit sal weg wees, binne 'n oomblik, binne 'n oogwink sal Sy verander en weggevoer word.

137 Oor die woestyn het sy gekom, uiteindelik, het sy by die tempelpoort aangekom. Nou, sy het nooit gekom om net 'n paar minute te gaan sit, en sê: "Ek sal nou sien, ek gaan in, as hy nie net soos my pastoor praat nie, sal ek net myne optel en reguit teruggaan." Sien? Nee, sy het gekom om te bly totdat sy oortuig was, sy het 'n kamp gebou en net daar in die howe gebly. Ek hou daarvan.

138 "Ek sal net bly tot die einde van die herlewing. Ek sal al die Skrifte ondersoek, en kyk of dit reg is of nie. Ek sal nie net my eerste indrukke daarvan neem nie, ek sal net ingaan, uitvind. Ek weet wat Jehova veronderstel is om te wees, ek weet wat Sy beloftes is, ek weet Hy's die Onderskeier van die gedagtes van die gemoed, ek weet al hierdie dinge, die Woord van God is vinniger, skerper, kragtiger as enige tweesnydende swaard, wat deurdring tot die skeiding van die murg van die been, en 'n Onderskeier."

139 Die Woord, die Woord is God. "In die begin was die Woord. Die Woord het vlees geword, en onder ons gewoon." Hy was God, en die Woord, die Woord, Christus, in jou, 'n Onderskeier van die gedagtes en die oorlegginge van die hart. O, slapende kerk, staan op, predikers, skud julleself, die uur is hier, vlug van hierdie torings van Babel na die kruis, hulle sal een van hierdie dae val. "Elke plant wat My Hemelse Vader nie geplant het nie, sal ontwortel word. Maar op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die hel kan Dit nie platskud nie." Dis reg. Ek is so bly.

140 'n Geestelike openbaring, die hele Kerk is gebou op openbaring: "Op hierdie rots." Die Protestant sê Hy het Dit op Christus gebou, die Katoliek het gesê gebou op Petrus, albei verkeerd, Hy het Dit gebou op Petrus se openbaring van Wie Hy was. Die groot, hoofopenbaring is altyd Wie Jesus Christus is. Die Boek van Openbaring, wat die openbaring van Jesus Christus is, open met daardie einste ding, om die Oppergodheid van Jesus

Christus te wys. "Ek is Hy wat was, en wat is, en sal kom, die Almagtige," die eerste van alle openbarings.

141 Ja, die openbaring: "Op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, Ek gee nie om hoeveel vervolgings, hoeveel lyne hulle trek en julle uitsny nie, Ek sal My Kerk bou, en die poorte van die doderyk sal nooit Daarteen standhou nie." Dis reg. Wys dat al die poorte van die hel Daarteen sou wees, maar nie kon oorwin nie. "Ek sal My Kerk bou," die Heilige Gees wat beweeg, werk, die herrese Christus wat beweeg. Wie kan Dit stop? Probeer dit. Jy sal nooit in staat wees om dit te doen nie, dit gaan reguit aan, en aan, en aan. Laat al die kritici opstaan wat jy wil, dit sal net die Kerk versterk elke keer wat jy dit doen, gaan aanbeweeg.

142 So sy het afgeklim, haar kamele gevat, haar geld teruggesit in die klein kissie, kan ek my voorstel, daar buite gekamp. So, die eerste besoek aan die diens, sy het die volgende oggend ingekom, kan ek my voorstel hulle het al die trompette laat blaas, die klokke het gelui, en die gesange is gesing, en naderhand het Pastoor Salomo uitgestap op die platvorm.

143 O, hulle het baie mense daar gehad, miskien is 'n klomp gebedskaartjies daardie dag uitgegee, vir al wat ek weet, hulle het een of ander manier gehad. In elk geval, sy het haar sitplek gekry, miskien, en gaan sit agter in die kerk, niemand het haar geken nie, 'n groot hof daardie oggend. Salomo het uitgekom, baie gawe man, het baie mooi gepraat met die mense. Nadat hulle gebed en alles gehad het, het Salomo gaan sit. En toe hulle het . . . [Leë kol op band—Red.] O, goeiste, hulle het uitgevind dat Salomo een of ander soort krag in hom gehad het wat nie 'n man se krag kon wees nie, dit was God se krag. Het dit dopgehou, die volgende geval, dieselfde ding, die volgende geval, dieselfde ding, volgende geval, dieselfde ding, elkeen van hulle onfeilbaar.

144 Ek . . . Seën haar hartjie, begin klop, sy het gesê: "Nou, as dit aanhou, gaan ek ook vir my 'n gebedskaartjie kry."

145 Die volgende dag het sy bygewoon, sy was nie haastig nie, geen haas nie, sy wou dit ondersoek. Sy het huis toe gegaan, miskien heelnag lank die Boekrolle gelees: "Dis net presies wat Jehova is, dis wat Hy is." Goed. Gaan terug: "Het dit nog nooit in my hele lewe in my kerk gesien nie. Hierdie is alles vreemd vir my."

146 Sy gaan terug, gaan sit weer, volgende oggend, sien dit inkom, eerste geval, perfek onderskei, tweede geval, perfek onderskei, derde geval, perfek onderskei. Goeiste, haar hart het vinniger begin klop. Uiteindelik, het sy 'n manier gekry om in die gebedsry te kom.

147 Naderhand het sy voor Salomo gestaan. En die Bybel het gesê dat daar niks weggesteek was vir Salomo nie. Halleluja! Hy het al haar vrae beantwoord, niks was weggesteek nie. As dit weggesteek was vir enigiemand anders, was dit toe nie vir hom

weggesteek nie, hy het haar net presies die gedagtes van haar hart vertel. Niks was weggesteek nie, maar hy het alles vir haar geantwoord, sy gees van onderskeiding het presies onderskei wat al haar probleme was, en alles daaromtrent.

148 En wat het sy gesê? Sy het omgedraai, en sy het gesê: "Alles wat ek gehoor het, is die waarheid, en meer, dis selfs groter as waarvan ek gehoor het." En sy het meer as dit gesê: "Geseënd is die manne wat hier by jou is om daardie werk daagliks dop te hou. Geseënd is hulle wat saam met jou kom en gaan, en in hierdie kerk sit, wat hier aan julle behoort, om hierdie dinge daagliks te sien gebeur."

149 En meer as dit, sy het 'n Christen geword, 'n openbare belydenis van God gemaak. En Jesus Christus het honderde jare later gesê: "Sy sal opstaan in die Oordeel saam met hierdie geslag en dit veroordeel, want sy het van die uithoeke van die wêreld gekom om die wysheid van Salomo te hoor, en kyk, meer as Salomo is hier."

150 En ek sê vanaand dat meer as Salomo hier is! Die Here Jesus Christus is hier, meer as Salomo. Hoor julle my? Meer, die Een wat Hy belowe het, en gesê het: "Hierdie werke wat Ek doen, sal julle ook doen."

> Dit sal Lig wees in die aandtyd.
> Die pad na die Heerlikheid sal julle sekerlik
>   vind.

151 Die Aandligte skyn. Onthou, broer, die son kom op in die ooste, sak in die weste; dieselfde son wat in die ooste opkom, sak in die weste, ons weet dit. Geografies gaan dit oor die aarde, soos *daardie*. Nou, let op wat plaasvind. Die profeet het gesê: "Daar sal 'n dag wees wat nie dag of nag genoem kan word nie." Dit sou 'n somber, reënerige, mistige dag wees, net genoeg Lig totdat jy kon sien hoe om by die kerk aan te sluit, en jou naam op 'n boek sit, en Christus se vergifnis vra, maar in die aandtyd sal dit Lig wees.

152 Nou, onthou, beskawing het saam met die son beweeg. Die oudste beskawing is die oosterse beskawing, China is die oudste beskawing waarvan ons weet. Goed. Beskawing het saam beweeg. Nou, dit het so ver gegaan, dat die Oos- en Weskus ontmoet het. Ons is by die Weskus, gaan jy enigsins verder, is ons weer terug aan die oostekant, ons Kalifornië verlaat, gaan dan na Japan en China, kom jy weer terug.

153 Wat is dit? "Dit sal Lig word in die aandtyd." Ons het 'n dag gehad, tweeduisend jaar waar ons georganiseer, by kerke aangesluit, groot dinge, groot torings gebou het, dis goed, maar Christus het dit nooit verordineer nie. Hy het nooit gesê om 'n kerk te bou, of 'n—'n skool van teologie te hê nie, Hy het nooit hierdie dinge verordineer nie, Hy het gesê: "Verkondig die Evangelie." Ons het presies gedoen wat Hy gesê het om nie te

doen nie. Maar, in elk geval, dit is veronderstel om so te wees. Maar in die aandtyd sal dit Lig word.

154 Nou, watter soort Lig sou dit gee? As dit die eerste Seun-Lig was wat op die oosterse mense geskyn het, wat S-e-u-n van God is, en Hy die dinge gedoen het wat Hy daar gedoen het op daardie dag op Alfa, doen Hy dieselfde ding by Oméga. Soos Ruben en Jaspis; Benjamin, en, of—of, Jas-. . ., of, Sardis-steen, beide Benjamin en Ruben, eerste en laaste. Nou, Hy's die Reënboog in al die kerkeeue.

155 Nou, ons is in die aandtyd, die Aandligte het gekom. En, sekerlik. . .Ek sê dit, alle opregtheid, Christene, ek sê dit, sondaar, met alle opregtheid, ek's—ek's nie 'n prediker nie, veronderstel, ek—ek kort geleerdheid, maar God het my 'n ander manier gegee waarop ek mense vir God kon wen, sien, 'n ander manier om, verskoon my onkunde, om my 'n manier te gee om vir die siek mense te bid, 'n gees van onderskeiding. Nou, dis wat bevraagteken was oorkant by Houston toe Hy Sy foto laat neem het daardeur daardie aand, toe Dr. Best en hulle daar buite was.

156 Dit, wat het daardie Koningin gesien? Wat het haar so laat optree? Sy het iets egs gesien. Sy het iets gesien waarop sy haar hande kon sit wat eg was, nie 'n standbeeld wat daar gesit het, wat een of ander man van—van—van marmer, of uit hout, of uit klei gemaak het nie, sy het iets gesien waarop sy haar hande kon sit, daardie, iets wat werklik was. Sy het iets gesien wat gelewe het, wat Lewe gebring het, sy het geweet dit moes God wees. Sy het iets gesien. . .Sy het soveel aansit gesien, en soveel bedrog, dat sy iets egs wou sien, en God het haar dit laat sien.

157 Nou, kinders, vandag is die wêreld vol bedrog, "Kom sluit aan by ons denominasie. Sê ons geloofsbelydenis op. Kom na ons kerk toe, die grootste in die stad." Dis 'n bedrogspul. Ek sê nie hulle is nie Christene daarbinne nie. Dis nie. . .Maar sover die kerk enigiets daarmee te doen het, die organisasie wat enigiets daarmee te doen het, dis verkeerd. Dis net 'n valse bedrogspul. Wat die wêreld vandag wil sien, is iets egs, werklik, iets wat werklik is, Bybel werklik, goddelik werklik.

158 Almal van julle weet ek jag, ek het my hele lewe lank gejag. My moeder is 'n half Cherokee Indiaan, en my bekering het dit nooit uit my uitgehaal nie. As daar enigiets is waarvan ek hou, is dit daardie woude. O, ek kan net skaars uithou. . .Ek gaan in daardie woude in, en begin. Ek vind God in die woude. God, ek hoor hom roep in die prêriewolf en die wolf, hoor Hom in die takbok uitbasuin, wel, sekerlik. Ek hoor hom skree in die arend, sien Hom in die sonsondergang, oraloor is God. Gaan uit in die natuur, kom weg van hierdie stinkende stede, en dinge, waar jy soveel sonde en *verwoesting* het wat die heeltyd aangaan.

159 Ek het nou die dag in die koerant gelees, ek vergeet, dis dertigduisend aborsiegevalle per week, gedoen, opgeteken in die

stad van Chicago. Hoeveel is nie opgeteken nie? Dertigduisend aborsiegevalle. Goeiste, goeiste! Wat gaan gebeur, broer? Dink aan regoor die wêreld, wat gaan aan op hierdie tyd? Sonde. O, dis verskriklik!

160 Bo in die noordelike woude, waar ek altyd gejag het, het ek gejag saam met 'n kêrel daarbo met die naam van Bert Call, baie gawe seun, een van die beste jagters saam met wie ek ooit gejag het. Jy hoef jou nooit oor hom te bekommer het nie. Jy het nie gehad . . . Jy kon hom nie verloor nie, hy het geweet waar hy was. En ons het daarvan gehou om saam met mekaar te jag, want ons het die wit-stert takbok gejag.

161 Maar dit was die wreedste man wat ek ooit in my lewe gesien het, hy was die wreedste persoon wat ek ooit gesien het. Hy was 'n ander soort van 'n baster, so hy—hy . . . maar 'n ware jagter. En ek het altyd daarvan gehou om saam met hom te jag, maar hy was so gemeen, so wreed, hy het altyd klein takbokkies geskiet net om my sleg te laat voel.

162 Wel nou, as die wet sê jy kan 'n takbokkie skiet, is dit in orde. Abraham het 'n kalf doodgemaak en dit vir God gevoer, so niks verkeerd daarmee om 'n takbokkie dood te maak, as die wet gesê het dis reg nie. Maar om hulle net te skiet vir die plesier daarvan, dis verkeerd, dis moord. Ek glo nie daarin om dit te doen nie. Ek's 'n natuurbewaarder, 'n bewaringsbeampte vir jare, ek glo nog steeds daarin, en ek behoort aan baie bewaringsordes. Maar nou, hier glo ek daarin, ek glo—ek glo daarin om dit te bewaar.

163 Nou, en Bert sou dit net doen omdat ek 'n prediker was, hy sou my net laat sleg voel. Hy sou sê: "Ag, julle lafhartige predikers," soos daardie. Hy het gedink hy was 'n groot, rowwe kêrel.

164 So, een jaar het ek soontoe gegaan, en hy het vir hom 'n klein fluitjie gemaak. En hy kon maak soos 'n klein bokkie, dis 'n baba takbokkie, wat huil vir sy mamma, en hy sou—hy sou hierdie fluitjie blaas. As jy al ooit 'n bokkie hoor huil het, dit is 'n snaakse, klein geluidjie.

En ek het gesê: "Bert, jy gaan dit nie gebruik nie!"

Hy het gesê: "Ag, komaan, Billy, ruk jou reg."

165 En wel, ons het gaan jag daardie dag, en daar was omtrent ses duim sneeu, goeie spoorsneeu, bietjie laat in die seisoen. Wel nou, dis moeilik om daardie wit-stert takbokke te vind, sodra die eerste skoot klap, broer, jy praat van Houdini, die ontsnapkunstenaar, hy was 'n amateur teen hulle, hulle kan wegkom. En hulle sal nie uitkom nie, jy moet hulle uit daardie bosse uitkry, hulle daaruit skud op 'n manier, want hulle sal wegkruip, gaan lê, onder takke inkruip, alles, wegkom; baie jagters.

166 Dis waarom jy slaggereed moet wees, vinnig skiet, vinnig, alles, om jou takbok te kry. En ek en Bert het altyd baie goed gevaar. Maar hy sou hulle wou vermoor, hy sou twee kry, of drie, vier, vyf, enigiets wat hy kon, net om te spot, net om daarvoor te lag, dan vir my te lag.

167 Eendag daarbo het ons agter in die woude ingegaan, en dit het omtrent etenstyd geword. Ons het altyd 'n fles warm sjokolade gedra, wat jou soort van warm maak, waar as jy iewers moet omdraai, en buite moet oornag. Ons sou altyd 'n bietjie middagete saamdra. En ons sou deur die Presidensiële reeks jag, Washingtonberg, Adams, oor Kersieberg, sovoorts, 'n pragtige streek.

168 En ons het ver opgegaan in die nekke, klowe, en op na daardie kant, en ons was baie hoog op, en ons het gejag tot omtrent elfuur. Ons het gekom by 'n klein oopte omtrent die grootte van hierdie ouditorium, en Bert het soort van gehurk soos *hierdie*, gevoel in sy boesem. Ek het gedink: "Wel, ons gaan sit, ons middagete eet."

169 Ons het gewoonlik geskei, en een eenkant toe gegaan, en een na die ander, op pad terug; teen die berg opgekom, weer terug gejag, een, een helling geneem, en die ander een die ander een, op pad terug.

170 En so het hy gaan sit, en ek het ook gaan sit, en ek het gesien hy steek sy hand in sy sak, en hy het daardie ou fluitjie gekry. Ek het gedink . . . Ek het gesê: "Bert, jy sal dit nie doen nie."

171 Hy het net gelag. En hy—hy het oë gehad wat net soos 'n akkedis vir my gelyk het, soort van daardie akkedisagtige oë, wat na die kant toe gekyk het. Hy het opgekyk na my, soort van halfpad geglimlag daarmee, gelyk soos 'n skaapvanger hond, en hy het hierdie ou fluitjie in sy mond geneem, en hy het geblaas net soos 'n klein, baba takbokkie wat huil. En toe hy het daar, tot my verbasing, reg oorkant daardie opening, 'n groot ooi opgestaan.

172 Nou, 'n ooi is die moeder takbok, as julle nie sou weet nie. O, sy was 'n pragtige spesie, yslike groot, mooi ore, daardie groot, bruin oë wat blink. Ek het na haar gekyk. En hy het opgekyk na my met daardie akkedis-oë. Ek het gesê: "Bert, jy sal dit nie doen nie."

173 Nou, dis—dis vreemd, hulle sal nie daardie tyd van die dag so opstaan nie. Hulle sal bly . . . Maar wat was dit? Sy was 'n moeder, 'n baba het gehuil. En ek het haar weer dopgehou. Ek sou haar sien met daardie groot kop wat rondkyk, groot ore wat regop staan. En hy het dit weer geblaas, gehuil soos 'n baba. Sy het reguit uitgestap in die oopte. O, dit was baie ongewoon, hulle doen dit nie. Ek sien haar daar uitstap in daardie oopte.

174 Ek het gedink: "Uh-oh!" En ek het hom daardie slot sien terugtrek, daardie koeël in daardie .30-06 insit. O, hy was 'n dodelike skut. En hy het daardie teleskoop ingestel, daardie kruishaar reg oor haar hart. Ek het gedink: "O, genade! Hoe kan

hy dit doen? Hoe kan hy dit doen? Daardie kosbare moeder wat daarbuite staan en soek het na haar baba, binne een sekonde van nou af, hy daardie sneller geraak het met daardie honderd-en-tagtig grein loodpuntkoeël, sou hy haar dierbare hart regdeur haar ander kant skiet. Ek het gedink: "Bert, hoe kan jy dit doen? Hoe kan jy so wreed wees?" En ek het hom met daardie akkedis-oë sien afbuk, ek het gedink: "Goed." Ek kon nie daarna kyk nie, ek kon dit net nie doen nie.

175 En sy het daar gestaan en aangestap. Wat was die probleem? Sy was nie 'n skynheilige nie, sy het nie iets probeer voorgee nie, sy was 'n moeder, dit was in haar gebore om 'n moeder te wees. Sy het gesoek na haar baba. O, goeiste! Sy het daardie baba dopgehou.

176 Naderhand, toe die loop bokant die bos uitgesteek het, het die takbok gekyk. Nou, gewoonlik sal hulle spring, vinnig hardloop. Wel, *so* vinnig is hulle weg. [Broer Branham klap sy vingers—Red.] Maar nie sy nie, sy het die jagter gesien, sy het geskrik daarvoor, soos ons dit noem, gekyk, sy het die jagter gesien, maar sy het haar mond twee of drie keer beweeg, haar kop opgelig, natuurlik kon sy ons ruik wat daar gestaan het, sy het gekyk, maar wat was die probleem? Haar baba was, iewers, in die moeilikheid, moedersinstink.

177 Sy het geweet dit was die dood, sy het geweet sy sou sterf, maar sy het nie omgegee nie, daar was iets in haar, moederliefde, wat haar gedryf het na daardie baba. "Waar is dit? Waar is my baba? Dis in die moeilikheid."

178 Ek—ek kon nie meer kyk nie, ek kon net nie. Ek het gedink: "Daardie getroue hart van daardie kosbare moeder! Bert, hoe kan jy dit doen? Jy's wreed, jy's—jy's boos om so-iets soos daardie te doen." En ek het hom sien opstaan soos *daardie*, en ek het my rug gedraai.

179 Ek het in my hart gebid, ek het gesê: "Hemelse Vader, moenie dat hy dit doen nie. Hoe kan hy staan, daardie kosbare moeder daar sien wat haar baba probeer vind, en haar dan so mislei, en haar kosbare, getroue, moederhart regdeur haar skiet?" Ek het gesê: "Hoe kon hy dit doen, Here?"

180 Ek het gewag, die geweer het nooit gevuur nie. Ek het 'n bietjie langer gewag, dit het nie gevuur nie. Ek het gedink: "Wat makeer?" Ek het omgekyk, en die geweerloop het *so* gegaan.

181 Ek het omgekyk. Hy het opgekyk, en yslike groot trane het uit sy oë geloop, hy het die geweer op die wal neergegooi, hy het gesê: "Billy, ek het genoeg daarvan gehad. Lei my na daardie Jesus wat jy ken."

182 Net daar op daardie sneeuwal het ek daardie wreedaardige jagter (Wat was dit?) na die Here Jesus Christus gelei. Hoekom? Hy het iets egs gesien, hy het iets gesien wat nie aangesit was

nie, hy het iets gesien wat ’n egte, gebore ondervinding was, ’n moeder.

183 Sou jy nie graag daardie soort Christen wou wees nie? Sou jy nie graag wou hê God moet jou ’n Christen maak, soveel van ’n Christen as wat daardie moeder, daardie takbok ’n moeder was nie?

Laat ons ons hoofde ’n oomblik buig, en Hom vra om dit te doen.

184 Ons Hemelse Vader, ’n eenvoudige storietjie daar van—van die Koningin van die Suide wat iets egs gesien het deur ’n gawe van God. En daardie kerke daarbo in New England, hulle—hulle het niks anders as net kerk, ensovoorts, gehad nie, daardie jagter was, U ken hom, Here, nou ’n kosbare broer, ’n diaken in die kerk, maar hy het nog nooit enigiets gesien wat eg was nie.

185 Here, U het gesê: “As hulle stilbly, sal die klippe uitroep.” Iets moet uitroep: “Daar’s ’n lewende God.” Die eerste keer wat daardie man iets gesien het wat eg was, toe het hy geweet daar is ’n lewende God. U het ’n takbok gebruik om die wonderwerk te doen, en ’n wreedaardige sondaar na U toe te bring, omdat ’n moeder takbok die werklikheid van moederskap vertoon het.

186 God, maak elke man en vrou hierbinne, vanaand, ’n Christen soos daardie, wat so ’n liefde in hulle harte kan vertoon, dat hulle ’n, so ’n Christen sal wees, so ’n lewe onbevlek van die wêreld sal lei, dat hulle bure sal weet dat hulle ware Christene is, en soos hulle wil wees.

187 U het gesê in U Evangelies: “Julle is die sout van die aarde, maar as die sout sy geur verloor het.” Here, dis wat gebeur met ons denominasies, hulle verloor hulle geur, hulle trek grenslyne, en laat niemand uit of niemand in nie. Vader, ek bid, vanaand, ons weet dat sout ’n geurmiddel is as dit kontak maak, ek bid, God, dat hierdie kerkie en hierdie mense so sout sal wees van die liefde van God, dat hulle met elke sondaar sal kontak maak wat hulle kan, met so ’n lewe, as hulle nie ’n preek kan preek nie, laat hulle een lewe, ’n liefde vir God vertoon, soos daardie moeder takbok het vir haar baba.

188 Hulle wag, Vader, ontvang hulle in U Koninkryk. Mag hulle vanaand, diegene wat hulle hande opgesteek het, mag hulle U diensknegte word vanaand. Mag U hulle binne die volgende paar minute wys dat U lewendig is, nie dood nie, U vir ewig lewe.

189 U het gesê: “Ek is Hy wat dood was, en weer lewendig is, en vir ewig lewe. En omdat Ek lewe, lewe julle ook. Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het ewigdurende Lewe, en sal nie in die Oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe.” Vader, ek bid dat U gelowiges sal maak, vanaand, van almal van hulle. As hulle hierbinne is, ongelowig, mag hulle gaan glo.

190 En nou is die diens in U hande, Here, hierdie is sover as wat ek, of enige ander man, kan gaan. Maar wanneer ons vanaand hier weggaan, bid ek dat die mense, soos hulle hierdie ouditorium verlaat, sal sê soos diegene wat van Emmaüs af gekom het: "Was ons harte nie brandende in ons nie?" U het die hele dag saam met hulle gewandel, tog het hulle U nie geken nie, maar toe U hulle binne-in die kamer gekry het, en U toe iets gedoen het net soos U het voor U kruisiging, toe het hulle geweet dat U opgestaan het uit die dood.

191 Nou, Here, kom weer vanaand, ons is hierbinne ingesluit in hierdie herberg vanaand, in hierdie klein Legioen geboutjie, kom nou en doen iets vanaand. Wys U Messiaanse teken dat U die Messiaanse teken is, en hierdie is 'n bose en owerspelige geslag, en U is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, dat dit is soos dit was in die dae van Lot, toe U gesit het met U rug gedraai na die tent, en gesê het: "Waarom het Sara in die tent gelag?" en vir Abraham gesê het sy vrou se naam was Sara.

192 U het belowe U sou dit doen, Here, skenk dit. Dan wanneer ons vanaand hier weggaan, sal ons na ons verskillende huise gaan en sê: "Was ons harte nie brandende in ons, toe Hy met ons gepraat het langs die pad nie?" Want ons vra dit, in Sy Naam, en tot Sy eer, die Naam van Jesus Christus. Amen.

193 Ek gaan nou vir die siekes bid. (Verskoon my, Paul.) Ek gaan vir die siekes bid. Ek het geen geleerdheid nie, ek—ek het geen kragte nie, ek's julle broer, ek hoop julle verstaan dit. Ek is na julle toe gestuur deur julle Verlosser, en my Verlosser, julle God, en my God.

194 Nou, eenkeer het Dawid die skaapwagter, hy sy vader se skape opgepas. En ek gaan probeer om die plek van Dawid in te neem, luister goed, ek gaan probeer om die plek van Dawid in te neem, vanaand, ek pas my Vader se skape op. En eendag het 'n beer ingekom en 'n skaap gevang, en Dawid was geen spiesvegter, of swaardvegter nie, die enigste ding wat hy gehad het, was 'n slingervelletjie, maar hy het God se genade in sy hart gehad, 'n leeu het ingekom en een gevang, hy het uitgegaan agter hom aan, hom gekry, hom doodgemaak, die skaap teruggebring.

195 Ek het geen medisyne nie, ek is nie 'n dokter nie, ek kan nie 'n chirurg wees nie, ek weet nie hoe om 'n mes te hanteer nie, ek weet niks daarvan nie, maar daar's een ding wat ek wel het, dis 'n klein slingervelletjie van gebed, dis eenvoudig, maar eendag het 'n kanker ingekom, en een van my Vader se skape gevang, ek het agter hom aangegaan, ek het die skaap teruggebring, gebed van geloof het dit gered. Ek kom agter julle aan, vanaand, met 'n slingervel van gebed, ek wil Vader se skape terugbring. Bid julle nou vir my, soos ons die gebedsry noem.

196 Al julle Dawids hierbinne help my, Vader se skape is gevang deur 'n vyand, laat ons dit weer terugbring na gesondheid,

vanaand. Vader het vir ons gesê ons kan dit doen, as ons enigiets in Sy Naam sou vra, sou Hy dit doen, "Sê vir hierdie berg: 'Word verskuif,' en nie twyfel nie, kan jy kry wat jy gesê het."

197 Van waar af het ons daardie gebedskaartjies geroep? Was wat ons. . .? Huh? Een? Ons het gisteraand van nommer een af geroep, het ons nie? Wat? O, nog 'n paar uitgegee? Wat was dit? B's? Gebedskaartjie B's. Hoeveel het ons gisteraand op gehad? Agtien, agtien? Dit neem nie baie nie.

198 Dan, diegene daar buite sonder gebedskaartjies, dis in die haak, glo met julle hele hart. Julle het gisteraand gesien, daar was meer buite in die gehoor, daar hierbo op die platvorm was.

199 Laat ons egter 'n paar uit daardie kaartjies roep, net nou. Kom ons begin vanaf, kom ons sê. . . Hoeveel het ons gisteraand gehad? Vyftien of agtien? Kom ons begin van vyf-en-tagtig vanaand, gebedskaartjie B, vyf-en-tagtig. Wie het vyf-en-tagtig? Sien? Gebedskaartjie B, vyf-en-tagtig. Waar? O, ek's jammer. Vyf-en-tagtig, kom oor na hierdie kant toe, meneer, wie jy ook al is. Ses-en-tagtig. Sal jy jou hand vinnig opsteek? Sewe-en-tagtig. Hier oorkant. Sewe-en-tagtig? Wie het sewe-en-tagtig? Hierdie dame hier, het jy sewe-en-tagtig? Hier oorkant, dame. Agt-en-tagtig, nege-en-tagtig. Ek het nie nege-en-tagtig gesien nie. Sal jy jou hand opsteek? Kyk na die mense in rolstoele, kyk waar hulle is. Nege-en-tagtig. Mag-. . . Kyk. . . Het julle na daardie kaartjie gekyk? Nege-en-tagtig. Wie het 'n gebedskaartjie nege-en-tagtig? Vyf-en-tagtig, ses-en-tagtig, sewe-en-tagtig, agt-en-tagtig, nege-en-tagtig.

200 Nou, moenie die kaartjies kry tensy jy beplan om op die platvorm te kom nie, sien, wanneer ek van iewers af roep, dan antwoord niemand nie, laat iemand anders, wat gaan kom, dan die kaartjie kry. Nege-en-tagtig, negentig. Wie het gebedskaartjie negentig? Goed. Een-en-negentig. Goed. Twee-en-negentig, drie-en-negentig, vier-en-negentig, vier-en-negentig. Ek het dit nie gesien nie.

201 Kyk na, iemand hier oorkant, hierdie—hierdie twee vroue wat hier sit in 'n rolstoel, hulle kan nie opstaan nie, as hulle kaartjie geroep word, sal ons hulle hiernatoe dra, sien.

202 Een-en-negentig, -twee, -drie, -vier, -vyf. Vyf-en-tagtig tot vyf-en-negentig; vyf-en-negentig tot 'n honderd in gebedskaartjie B. Sal julle kom? Negentig. Tagtig, vyf-en-tagtig tot 'n honderd, hulle wat daardie kaartjie het. Die res van julle hou net julle kaartjies, ons sal—ons sal by hulle uitkom, naderhand. Vyf-en-tagtig, ses-en-tagtig, sewe-en-tagtig, agt-en-tagtig, nege-en-tagtig, negentig, een-en-negentig, -twee, -drie, -vier, -vyf, -ses, -sewe, -agt, -nege, 'n honderd.

203 Nou, terwyl hulle daardie paar bymekaar kry waarmee ons hier sal begin, mag dalk nie by een of twee van hulle uitkom nie, ek weet nie, hang af van wat die Heilige Gees sê, hoeveel in die

gehoor hier wat nie 'n gebedskaartjie het nie, en tog wil jy hê, jy's siek, en wil hê God moet jou genees? Steek jou hand op. Goed. Nou, ek ken julle nie. Maar as julle net hiernatoe sal kyk en glo! Hoeveel was nog nooit tevore in een van my dienste nie? Laat ons julle hande sien. Die Here seën julle, ons is bly om julle te hê vanaand.

204 Nou, onthou, ek sê nie dat ek 'n geneser is nie, ek glo daar's net een Geneser, dis God. En ek glo dat Hy alreeds alles vir julle gedoen het wat Hy kan doen, dis julle volgende tyd om te aanvaar wat Hy vir julle gedoen het. Maar as Hy hier gestaan het vanaand, geklee in hierdie pak, kon Hy niks meer vir julle doen as wat Hy doen, wat Hy nou net hier sou doen nie. Is dit reg?

205 Nou, in die Bybel. . .Hoeveel glo dat Jesus 'n Hoëpriester is? Hoeveel weet dat die Bybel gesê het dat Hy, net nou, die Hoëpriester is, wat staan aan die regterhand van die Majesteit Daarbo, om voorspraak te maak vir ons? Is dit reg? Hoeveel weet dat Hebreërs 13:8 gesê het: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid"? Wel, as Hy dieselfde Hoëpriester is wat Hy gister was, en hierdie Hoëpriester wat Daarbo sit, Hy's nou 'n Hoëpriester, wat Daarbo sit, wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Hoeveel weet dat die Bybel dit sê, dat Hy aangeraak kan word?

206 Nou, hoe gaan julle Hom aanraak as Hy Daarbo sit? Op dieselfde manier wat die vrou het wat Hom destyds daar aangeraak het. Dit was nie haar vinger op Sy kleed nie, Hy het dit nie gevoel nie, maar dit was haar geloof. Baie het Hom op *hierdie* manier aangeraak. Maar Hy het gesê: "Jou geloof het jou gered." Nou, sy het Hom aangeraak, en Hy het omgedraai en nie geweet wie dit gedoen het nie. Is dit reg? Hy het oral rondgekyk, Hy het gesê: "Wie het My aangeraak?"

207 En Petrus regtig ontsteld geraak met Hom, en gesê: "Wel, Here," Hom bestraf, met ander woorde, sê die: "waarvan praat U, in elk geval? Waarom sou U so-iets sê? Almal klop U op die rug."

Hy het gesê: "Ja," gesê: "hierdie is 'n ander soort aanraking, Ek—Ek het Myself voel swak word." Krag, dis sterkte, het van Hom uitgegaan.

208 Hy het oral rondgekyk oor die gehoor, en Hy het die vroutjie daarbuite gevind, en vir haar gesê sy het 'n bloedvloeiing gehad, en haar geloof het haar gered. Is dit reg? Nou, Hy het nooit gesê Hy het nie, Hy het gesê haar geloof *in* Hom het.

209 Wel, nou, as Hy dieselfde Hoëpriester is vanaand, dieselfde as wat Hy was toe Hy hier op aarde was, en Hy, die Bybel sê dat Hy 'n Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede, as jy Hom aanraak, sal Hy nie dieselfde optree as wat Hy toe het nie? Hy kon nie anders optree, dieselfde Hoëpriester wees nie. Hoeveel weet dat dit waar is?

210 Goed, dan kyk jy op, deur geloof, en sê: "Here Jesus, U is my Hoëpriester, laat ek U aanraak, Here, met my swakheid, wees my genadig. Laat Broer Branham nou roep, ek weet Hy's net 'n man, maar U is steeds die Hoëpriester, en nou, wil ek U aanraak, en spreek U deur hom, en roep my net soos U daardie vrou het—het." Dit sal alle twyfel uit jou hart wegneem, sal dit nie?

211 O, is dit nie wonderlik nie? Nie een of ander ou, historiese God nie, maar 'n God net nou.

212 Hoeveel weet dat Jesus Christus Self gesê het dat Hy niks gedoen het voordat God Hom eers 'n visioen gewys het wat om te doen nie? Johannes 5:19: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle," die woord "voorwaar" beteken *absoluut*, "Ek sê vir julle, Die Seun," dis Sy liggaam, die vlees: "kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so." Is dit reg? Toe het Hy nooit een wonderwerk gedoen totdat Hy 'n visioen gesien het dat dit gedoen word nie. Is dit reg? As Hy nie het nie, het Hy iets verkeerd gesê, en Hy kon niks verkeerd sê nie, want Hy was God. Sien? So dit moes wees.

213 Nou, ek wil hê julle moet net so stil as moontlik raak, en baie eerbiedig wees, kyk, bid. Nou, partymaal wanneer hierdie salwing tref. . .Ek sê nie dat dit sal nie, as dit nie, dan is enigste ding wat ek kan doen, is om aan God toe te vertrou, die platvorm te verlaat, dis al wat ek kan doen. Maar as Hy wel kom, en wel dieselfde ding hier doen, en bewys dat Hy steeds die Messias vir die Heiden is in die afsluiting van ons tydperk soos Hy was vir die Jood en Samaritaan, sal julle mense kom en Hom ontvang as Verlosser en Geneser? Sou julle dit doen, dit glo?

214 Nou, sover ek weet, in hierdie hele gehoor sien ek nie een persoon wat ek ken nie. Op die platvorm, insoverre. . .Ek het hierdie predikertjie leer ken vandat ek hier is, ons broertjie hier, my seun en my bandopname kêrels hier is die enigste een wat ek—ek ken.

215 Ek glo ek ken hierdie broer, ek kan nie aan hom dink nie, ek dink jy's van onder in Louisiana, iewers. Het ek nie eenkeer saam met jou gaan eende jag, of soontoe gegaan na jou plek, of iets nie? Het 'n diens gehad onder by. . .Wat was die naam van die plek? DeQuincy. Bennett. Goeiste! Verskoon my, ek moet net jou hand skud. God seën jou. Ek het jou vir 'n lang tyd nie gesien nie. Wel, jy het nie verander nie, ek het oud geword. Sien, ek moes werk, miskien. [Broer Bennett sê: "Ons wil hê jy moet terugkom."—Red.] Dankie, Broer Bennett. So gaaf!

In die gebedsry, is ek 'n vreemdeling vir julle almal? Ek ken jou nie? As dit so is, steek julle hande op as ek—as ek 'n vreemdeling vir julle is. Goed.

Almal daarbuite vir wie ek 'n vreemdeling is, en jy weet ek ken jou nie, steek jou hand op. Sien?

216 Nou hier is ons. Is Hy nog steeds Jesus, of is Hy nie? As Hy dit doen, as Hy Sy Woord sal hou, is Hy nog steeds God. As dit dan nie help nie, as hierdie Bybel hier . . . As God nie Sy belofte sal hou nie, dan is Hy nie God nie; as Hy wel Sy belofte hou, is Hy God.

217 En nou, toe Hy hier op aarde was, onthou julle wat Hy gedoen het, Hy het vir hulle Sy Messiaanse teken gewys. En al julle Bybellesers weet dit, dat die Messiaanse teken die teken van 'n profeet was. Almal wat dit weet, steek julle hand op, Bybellesers. Sekerlik. "Here julle God sal 'n Profeet oprig soos wat ek is."

218 Maar die Jode kon nie antwoord nie, so hulle het gesê: "Hy doen dit, hy's 'n—'n fortuinverteller, 'n Beëlsebub, 'n verstandstelepatie, of iets." En hulle doen dieselfde ding vandag, maar dit stop God nie, Hy gaan net in elk geval voort, gaan net in elk geval, iemand sal glo.

219 Nou, as ek enige van julle mense hier kon genees, sou ek dit doen, maar ek kan dit nie doen nie. Jesus kon dit nie doen nie, as Hy net hier gestaan het, en jy na Hom toe sou kom, Hy hier gestaan het met hierdie pak aan wat Hy my gegee het, jy sou sê: "Here, ek is siek, ek wil hê U moet my genees."

220 Ek stel my voor Hy sou iets soos hierdie sê: "Kind van My, glo jy nie dat Ek dit gedoen het nie? Is Ek nie ter wille van jou oortredinge deurboor, ter wille van jou ongeregtigheid verbrysel nie? Deur My wonde *het* daar vir jou genesing gekom. Glo jy dit nie? Ek het dit alreeds gedoen."

221 Wel, nou, wat het Hy destyds daar gesê? "Ek kan, as jy glo." Wel, dis nou alreeds gedoen, so julle moet net glo, dis al. So die enigste ding wat Hy kon doen, sou iets wees om julle te wys dat Hy die Messias is.

222 So, Sy liggaam sit vanaand op die troon van God. Ons glo dit, nie waar nie? Eendag sal Hy terugkeer na die aarde in die Millennium, en op die troon van Dawid sit. Dis reg. Maar Hy sit op die troon van God vanaand in die Heerlikheid, lewendig vir ewig om voorspraak te maak. Maar Sy Gees is terug hier in die Kerk, en Sy Gees doen dieselfde ding, soos ek vanmôre gesê het, as die eerste loot van die Wynstok 'n Pinksterkerk voortgebring het, sal elke ware loot uit daardie Wynstok nog 'n Pinksterkerk voortbring. Maar ons het 'n klomp geënte takke, en hulle bring voort volgens hulle soort. Ons het Metodisteloot daarin ingeënt, Baptisteloot, Pinksterloot, elke ander soort loot, dit dra sy eie vrugte.

223 Jy kan 'n—'n lemoenboom neem en 'n pomelo daarin sit, dit sal lewe vanaf die lewe van daardie boom, maar dit sal 'n pomelo dra; 'n suurlemoen daarin sit, sal dit 'n suurlemoen dra, nie 'n lemoen nie, tog lewe dit vanaf lemoenlewe, sien, enige sitrusvrug.

224 Enige kerk wat bely om Christen te wees, floreer van die heerlikheid en lofprysinge van Christus, maar dit kan nie die

vrugte dra nie. Dit sal nie die Lewe van Christus dra totdat Christus daardie tak Self voortbring nie, dan sal dit . . . sal hulle nog 'n Boek van Handelinge daarna skryf, dis reg, want dit is die handelinge van die Heilige Gees in die Kerk. Sien? Dis hoe dit is vanaand, Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

225 Laat ons nou bid, almal baie stil raak, moenie beweeg nie, sit stil in julle kerk, of julle sitplekke, bank, waar dit ook al is, sit net baie stil vir 'n oomblik, wees eerbiedig.

226 Vader, hierdie is 'n groot stelling, maar hier vanaand net oor 'n honderd en 'n paar mense hier, wat hier sit, het ek U gevra om vorendag te kom, of daar tiene van duisende is, ja, honderde duisende, U het ons nog nooit gefaal nie.

227 My dae raak nou dowwer, Here, ek's, eendag sal ek hierdie Bybel moet toemaak vir Sy laaste keer. As ek vanaand sou gaan, U het die getuienis as waar bewys. Vanaf 'n klein seuntjie het ek hulle vertel dat ek 'n Lig gesien het, Dit was amber, soos 'n kolom. U het die wetenskap regoor die wêreld daardie foto laat neem en Dit ondersoek, baiekeer wat U gekom het, en nou is dit in *Kodachrome* kleur, U het dit 'n paar weke gelede laat neem. Duitsland, Switserland, rondom die wêreld, kameras van die nasies. As ek sterf, sê die meganiese kamera dat ek hulle die waarheid vertel het, U einste Teenwoordigheid wys dat dit die waarheid was, U Bybel sê dat dit die waarheid is. Vader, mag mense Dit as die waarheid glo, en U vanaand ontvang as hulle Geneser, as hulle Verlosser, as hulle Koning, as hulle Here, Heerskappy om te regeer, om in hulle lewens te regeer. Skenk dit, Here.

228 Nou saam met my, en hierdie kerk, gee ek alles in U hande, dat U vanaand iets mag doen, om hierdie mense te wys dat U nog steeds die God-Profeet is. U is nog steeds God. U net . . . Hulle . . . U het gesterf om sonde weg te neem, maar U het opgestaan op die derde dag. U het gesê: "*Ek* het mag om *My* lewe af te lê, en *Ek* het mag om dit op te rig." Niemand het dit van U geneem, en niemand het dit opgerig nie. U het U Eie Self neergelê, U Eie Self opgerig.

229 Die Bybel het gesê God het Hom opgewek, en dis waar. Vader, U lewe vir ewig, lewe in die harte van U mense, met die belofte: "Die werke wat Ek doen, sal hulle ook doen." Ek haal dit aan, Here, omdat U getrou is aan U Woord, en U het gesê soos dit was in die dae van Sodom, dit so sal wees reg by die koms van die Seun van die mens.

230 En ons onthou, toe daardie tekens gedoen is in Sodom, dit net 'n kort tydjie was totdat die Vuur geval en Sodom verbrand het. Ons kyk enige tyd dat dit sal gebeur, Here. Ons sien die teken verskyn. Ons sien die wêreld in die Sodom toestand, die beloftes van God wat gemanifesteer is. Sal U dit nog een keer

doen vanaand, Here, tot die eer en heerlikheid van Hom Wat die Woord geleer het? Ek vra, in Jesus Christus' Naam, tot die eer van God. Amen.

231 Nou, maak nie saak wat aangaan nie, wees eerbiedig. Ek bedoel nie dat julle nie God kan prys nie, maar jy benader God stil, verstandig, wonderlik, en dan, wanneer jy God iets sien doen, sekerlik, wil Hy hê jy moet Hom aanbid, maar kom eerbiediglik.

232 Nou, wanneer julle mense in die ry kom, hiernatoe kom, of daar buite, wees op die uitkyk. Ek hou dop, ek het geen beheer Daaroor nie, ek beheer Dit nie, Dit beheer my. Ek kan net sê wat Dit vir my sê, ek kan net praat, en waar Dit is, hou ek Dit dop, waar Dit ook al is, daar hou ek Dit dop, en kyk wat Dit doen.

233 Nou, gisteraand was die eerste persoon wat ons op die platvorm gehad het, dink ek was 'n vrou. Is dit reg? Is dit die man? Goed. Die eerste een vanaand is 'n man.

234 Nou, ons het gisteraand gevind, toe 'n vrou na die Here Jesus toe gekom het, sy na die put gegaan het om bietjie water te kry, Jesus 'n rukkie met haar gepraat het, en—en dadelik het Hy haar probleem gevind, en Hy het gesê: "Gaan, haal jou man."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie."

Gesê: "Dis reg. Jy het vyf gehad, en die een by wie jy nou bly, is nie joune nie."

Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is."

235 Nou, die groot rabbi's, en leraars, en kerkmanne het gesê: "Hy's 'n duiwel." Het julle geweet die duiwel was die een wat bely het dat Hy die Seun van God is, en die predikers bely het dat Hy 'n duiwel was? Dit was een keer wat die—die duiwels reg was.

236 Kyk na Paulus en Silas wat afkom, daardie fortuinvertellertjie wat daarbo sit, en daardie fortuinvertellertjie het gesê: "Hierdie is manne van God wat vir ons die weg van die Lewe vertel."

Die predikers het gesê: "Hulle is drosters, hulle keer die wêreld onderstebo, hulle is bedrieërs." Sien?

237 Sien, daardie duiwel het meer van God geweet as wat hulle het. Dis reg. Nou, maar dis nie so met my broers in hierdie dae nie, hierdie is manne, sê dit nie van predikers hier nie, hulle sou nie hier gesit het as hulle dit geglo het nie, hulle sou weg wees. Hulle sit hier omdat hulle dit glo, hulle het daarvan gepreek, hulle het dit geglo; hulle het op die straathoeke gestaan, hulle het gehuil, hulle het gesmeek. Dank God ons lewe om die dae te sien wat Hy Sy belofte vervul. Julle pastore, julle behoort trots te wees op hulle, ek is, en ek weet Hy is, ook, manne van God.

238 Nou, hierdie man wat voor my staan, ek ken nie die man nie. Hy's baie jonger as ek. Ek het hom nog nooit in my lewe gesien, sover ek weet nie. Maar hy staan hier vir een of ander doel. Nou, dit mag wees dat hy 'n getroude man mag wees, met huislike probleme in sy huis, hy mag siek wees, hy mag staan vir iemand anders, mag finansiële behoefte hê, ek weet nie waarvoor hy hier is nie, ek het geen idee nie, ek het hom nog nooit in my lewe gesien nie, maar hy staan daar.

239 Nou, wat as hy siek is? Wel, as hy siek is, kan ek hom nie genees nie. Maar die enigste . . . As Jesus hier gestaan het, kon Hy hom nie genees nie. Hoeveel weet dit? Hy het dit alreeds gedoen. Sien? Maar die enigste ding wat Jesus kon doen, sou wees om hom te laat weet dat Hy steeds Jesus was wat die belofte gemaak het (Is dit reg?), wat die werk gedoen het.

240 So dan, as die man dit geglo het, sou hy genees word. As dit finansiële probleme was, sou hy weet dat God geïnteresseerd was in sy saak omdat dit voor Hom verskyn het, nie 'n mens nie, maar God. Sien? Nou, as die Heilige Gees . . . Hierdie man het sy hand opgesteek dat ek hom nie ken nie, hy, ek ken hom nie, en hy ken my nie. As die Heilige Gees nou iets vir hom sal doen!

Nou, as ek soontoe geloop het, en sê: "Meneer, is jy siek?"

Hy sou sê: "Ja, meneer, ek is."

"God het my gestuur met 'n gawe van genesing. Glo jy dit?"

"Ja, meneer, ek glo."

Plaas my hande op hom: "Gaan, word gesond in Jesus' Naam."

241 Ek glo hy sou gesond word. Sekerlik, ek glo God het gawes wat oral, oraloor in die kerk oral werk, ek glo dit. Ek glo dat die gawes van genesing in die kerk is. Hoef nie 'n prediker te wees nie, selfs, net 'n lekelidmaat te wees, enigiemand, gelei voel om vir iemand te gaan bid, dit te gaan doen, dis 'n gawe van genesing wat in jou werk.

242 Maar nou, hy sou—hy sou dit ietwat kon betwyfel. Maar wat as die Heilige Gees kom en hom iets vertel wat hy was, iets wat hy nie moes gedoen het nie, of iets wat hy wel gedoen het, of iets wat hy moes gedoen het, en nie het nie, hom iets vertel wat verkeerd is met hom, of hom vertel het wat was? As Hy weet wat was, sal Hy sekerlik weet wat dan sal wees. Is dit nie reg nie?

243 Nou, as Hy so-iets sal doen, sal almal hier moet weet dit kom van 'n krag af. Sou julle glo dit is die belofte wat ek vir julle gelees het vanaand, en vir julle gepreek het uit die Bybel, dat Dit Jesus Christus is, die Seun van God?

244 Goed. Nou, net so eerbiedig as wat julle kan wees, want, julle sien, en almal net so eerbiedig wees, moenie beweeg nie, want ek vang julle gees, julle sien. En ek—ek wil weet . . . Bid net opreg.

245 Nou, hierdie onfeilbare, soos God onfeilbaar is. . .Ek het geen manier om hierdie man te ken nie, hy het hiernatoe gekom, en hulle het gebedskaartjies uitgegee, hulle het hiernatoe gekom en 'n groot klomp gebedskaartjies geskommel, en hulle begin uitdeel. Dit wys die seun wat hulle uitgegee het, kon nie sê: "As jy my vyf dollar gee, sal ek jou in die ry sit," nie. Hulle weet nie, want hulle skommel die kaartjies reg voor julle oë, gee julle net wat julle ook al wil hê.

246 Een mag nommer een kry, die ander een nommer vyftien kry, die ander vyf-en-negentig kry. En dan—dan wanneer hulle kom, weet niemand van waar af ons selfs gaan roep, tot ek hier kom nie. Dan waar die Here my ook al lei, roep ek net van daar af. Roep partymaal 'n paar van *hier* af, en sommige van *hier* agter af, en sommige van *hier* oorkant af. Hoeveel het dit al gedoen sien word? Om, en om, om, oral. So hier staan ons hier, en julle daar buite sonder julle kaartjies.

247 Nou, meneer, ek wil net 'n oomblik met jou praat. Deur natuurlik daar te staan, hart wat uitroep: "Jesus," jou hand op te steek, sal my natuurlik laat weet dat jy 'n Christen is, of jy kan dit net naboots, jy sien, net maak asof jy was. As dit, as hy so maak, kyk wat gebeur. Nou, hulle het baiekeer in die ry ingeglip, hulle het hulle uitgedra, en alles.

248 So, as die Here God my iets sal vertel van jou, hierdie wagtende gehoor, iets waarvoor jy hier is, wat jou rede is om hier op die platvorm te staan, kan jy die beoordelaar wees of dit reg is of nie. Sou jy? Jy sou weet of dit reg is. En as dit reg is, sal jy gewillig wees om te sê dis reg; as dit verkeerd is, sê dis verkeerd, dis al.

249 Jy kom vir my om vir jou te bid, vir 'n toestand van jou liggaam, en daardie toestand is 'n vergroeisel in jou sy. Um-hum. Glo jy dit? Nou, nou, hy het skynbaar 'n goeie kontak met God net nou, wat 'n kritikus, of iets, wat miskien mag staan, laat weet dat hy dit nie net geraai het nie.

250 Nou, net nou, ek weet nie wat ek vir hom gesê het nie. Die enigste manier wat ek weet, is hierdie bandopnemer wat hier sit, dan kom die bandopname terug, volgende dag sal hulle dit vir my speel; dis soos 'n droom. Nou, dit was nie ek nie. Ek weet niks van die man af nie, sien, net so min as wat hierdie mikrofoon weet hoe om te praat, iets lewendig moet wees wat daarin praat. Ek ken nie die man nie, so dit moet God wees wat inpraat.

Nou, neem net my tyd, as ek net een hier hou 'n rukkie, net sodat julle sal weet, sien, behoort dit voldoende te wees vir almal.

251 Nou, net 'n oomblik, meneer, ek wil net kontak maak met jou gees. Dis dieselfde ding wat ons Here gedoen het toe Hy met die vrou by die put gepraat, gesê het: "Bring vir My water om te drink," sien. Hy het net probeer ko-. . .Die Vader het Hom soontoe gestuur.

252 Hy moes deur Samaria gaan, maar toe Hy daar gekom het, het die vrou uitgekom, so Hy moes met haar praat, haar gees kontak, dis dieselfde ding wat ek nou doen. Ja, ek sien dit, dis 'n vergroeisel in jou regtersy, jy het ook een op jou arm. Dis reg. Dis reg. Net drie mense in die wêreld het daarvan geweet, dit was hy en sy suster, maar daar's Een daarbo wat daarvan geweet het.

253 Nou, laat ons 'n oomblik met hom praat. Jy het ook vir iemand anders gebid, 'n kind, mangelprobleem, wat net daar buite sit. Dit gaan gesond wees, so moenie meer daaroor bekommerd wees nie.

Glo jy?

Glo jy God weet wie jy is? Mnr. Morrison, Jack, gaan huis toe, word gesond.

"As jy kan glo, alle dinge is moontlik vir hulle wat glo."

254 Nou, as ek nie een woord vir jou gesê het nie, en net vir julle gebid het, glo jy daar is salwing hier by die platvorm? Jy glo? Sou jy dit glo? Wat as ek vir jou gesê het, jy is genees voor jy daar opgekom het, sou jy dit glo? Wel, wat dink jy van jou kleinseun? Dink jy hy sou ook gesond word? Goed. Gaan glo net. Sit daardie sakdoek op hom.

Glo jy? Hê geloof.

255 Jy's net 'n kind teenoor my, jong vrou. Ek ken jou nie, maar hier is dieselfde prentjie soos in Johannes die 4de hoofstuk, 'n vrou en 'n man. Pragtige jong vrou staan hier, lyk so gesond as wat sy kan wees. Ek weet niks van haar af nie, het haar nog nooit in my lewe gesien nie. Ons is vreemdelinge vir mekaar, is ons nie, dame? Ja, meneer, ons is.

256 As God die Woord van God is, wat Christus is wat vlees geword het, en as Hy werklik gemaak kan word in ons vlees, wat Hy geheilig het met Sy Eie Bloed, deur Sy Heilige Gees in te stuur om te tabernakel. . . God was in Christus. God het afgekom en Hom gebou, 'n tent gemaak, soos die mens. Hy—Hy het Sy vorm verander en mens geword, God het, dat Hy 'n Kerk kon heilig waarin Hy kon lewe, en vir tweeduisend jaar Sy wonderwerke gedoen, en bewys dat Hy dieselfde God was wat in Sy mense woon, God wat in die mens getabernakel het.

257 As God aan my sal openbaar, deur Sy Gees, wat jou probleem is, sal jy glo dat ek Sy profeet is, of, Sy dienskneg? Glo jy dit? Sal jy aanvaar dat dit van God is? Dan sal jy daardie baba omhels wat jy wil hê, waarvoor jy bid. Gaan, glo dit, ek gee vir jou daardie kind in die Naam van Jesus Christus. Gaan, ontvang dit. Moenie twyfel nie. Jy wou dit al lankal hê. Goed. Gaan, in geloof.

"As jy kan glo." Glo jy?

258 Goed, dame, ek ken jou nie. Net 'n oomblik, jy's. . . Dit begin nou in die gebou, daar het Dit uitbeweeg, en die platvorm

verlaat, in die gebou ingegaan. Iemand het Hom aangeraak, so seker as wat ek hier staan.

259 Daar's 'n jonger vrou wat hier staan, ek kan haar nie opspoor nie. Ek sien haar, het nekprobleme, artritis van die ruggraat. As jy sal glo met jou hele hart, maak Jesus Christus jou gesond. Aanvaar dit, glo dit, die dametjie wat hier sit met 'n bril op, donker hare, staan op. Ek gee jou jou genesing, in die Naam van Jesus Christus.

260 Wat het sy aangeraak? Vra die dame. Ek ken jou nie, ken ek, dame? Ek ken jou nie, ken ek? Nee. As ek jou nie ken nie, steek jou hand op, skud jou hand. As dit jou probleem was, wat Hy vir jou gesê het, skud jou hand. Nou is jy genees.

261 Wat het sy aangeraak? Sy's dertig voet van my af. Sy het die Hoëpriester aangeraak, en Hy het gemaak net soos Hy het aan die begin. Nou, dis dieselfde Jesus, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Hê geloof, moenie twyfel nie.

262 Sommige van die res van julle, ek daag julle geloof uit om te glo, nie ek nie, glo die Woord van God, glo ek het julle die waarheid vertel. Ek daag julle geloof uit om—om dit te glo.

263 Reg agter haar, jy het, het jy nie, dame? Wat daar reg agter haar sit, daar sit met hoë bloeddruk, staan op jou voete. As dit waar is, steek jou hand op. As ek jou nie ken nie, steek jou ander hand op. Ek gee jou jou genesing, in die Naam van Jesus Christus. Jy het Hom aangeraak, Hy weet beslis van jou. Gaan huis toe, en word gesond.

Hê geloof in God, moenie twyfel nie. Glo jy met jou hele hart?

264 Iets vreemd aan haar, ek ken jou nie, God ken jou wel. Uh-huh. Glo jy God sal jou genees, en jou gesond maak? Jy's nie van hier nie, jy's van 'n plek met die naam van Huntington. Jou naam is Mev. Day. Jy bid vir 'n broer, 'n broer is in Galveston in 'n hospitaal, hy's 'n—'n verslaafde. Gaan, glo, moenie twyfel nie, Jesus Christus maak jou vry, in die Naam van Jesus Christus.

Hê geloof in God. Glo jy?

265 Wat as ek niks vir jou gesê het nie, net hande op jou gelê het, sou jy glo, dame? Kom hier. Ontvang jou genesing, in die Naam van Jesus Christus. Gaan, glo.

Wat as ek vir jou gesê het dat diabetes weg sou wees, sou jy dit glo? Gaan, glo, moenie twyfel nie.

266 Toe jy net hier gesit het 'n rukkie gelede, sien, het ek jou sien ly aan hartprobleme. Jy het ook iets verkeerd met jou rug. Nou gaan glo, en jy sal gesond word as jy glo met jou hele hart.

267 Kom, jong dame. Glo jy dat ek Sy profeet is? Jy's 'n jong dame, maar jy het 'n vroulike probleem, 'n drup, dis 'n ovarium abses. Moenie twyfel nie, glo. Gaan, en dit sal nooit weer gebeur nie, jy kan gesond gemaak word. Glo met jou hele hart.

268 Glo jy met jou hele hart? Sien, as julle nou net sal glo, dis net die Heilige Gees wat perfek werk.

Wat as ek net hande op jou gelê het, sou jy dink jy sou gesond word? Kom, dame.

In die Naam van Jesus Christus, mag sy genees word. Amen.

269 Kom, in geloof. As ek nie een woord vir jou gesê het nie, sou jy glo as ek hande op jou lê, jy sou gesond word? Wel, kom, en daardie diabe-. . . Wel, gaan voort, diabetes sal reg wees, jy sal gesond word. Gaan, glo met jou hele hart.

270 Glo julle met julle hele hart, almal? Glo nou. Nou kyk net, nou, wat het Hy gesê? Julle weet daar is een of ander salwing hier iewers wat julle ken. Glo julle dit?

271 'n Dametjie wat daar sit en bid, haar kop skud met hartprobleme, hou op, stop, hou op vrees, glo met jou hele hart, gaan word gesond, in elk geval. God gaan jou gesond maak.

272 Daardie dame wat daar buite sit en bid vir haar ongeredde seun, glo met jou hele hart, God sal daarvoor sorg vir jou. Ek ken jou nie, ken ek, dame? Ken jou glad nie, maar dis waaroor jy gebid het. Hoe het ek geweet waaroor jy gebid het? Die God wat gebed hoor, kan gebed beantwoord. Amen.

Glo jy met jou hele hart? Hê geloof. Nou wees eerbiedig.

Kom, laat nou hande op jou lê, terwyl die salwing van die Heilige Gees hier is.

In die Naam van die Here Jesus, mag sy genees word. Amen.

Gaan, in geloof.

273 Jy weet, eintlik, is dit jou senuweeagtigheid wat dit gedoen het, jou maag so gemaak het. Nou, staan net op vanaand, en sê: "Ek's klaar daarmee, ek glo God," en gaan eet dan jou aandete, jy sal reg wees, gaan glo met jou hele hart. In die Naam van die Here Jesus.

274 Iemand mag sê: "Jy's, as jy oud is, is jou hart swak, in elk geval." Maar dit is nie, jy het 'n senuweeagtige hart, jy het dit 'n lang tyd gehad. Gaan, glo met jou hele hart, dit sal gesond word, en jy sal huis toe gaan, gesond wees. Glo met jou hele hart.

275 Het julle die Here lief? Iets het gebeur, maar ek kan nie vind nie, dis net, alles word nou vaag voor my. Sien? Hoeveel weet dat visioene jou so maak? Daniël het een gesien, was ontsteld in sy kop vir baie dae. Hoeveel weet dit? Sien? Sekerlik. Een vrou het die soom van die kleed van die Meester aangeraak, en Hy het gesê: "Krag het van My uitgegaan."

Goed, Suster, kom glo nou, jy sal nooit kreupel word daarvan nie.

In die Naam van Jesus Christus, mag sy genees word. Glorie!

Glo met jou hele hart.

276 Glo julle met julle hele hart, almal? Wat kan net nou gebeur? Enigiets kon plaasvind. Sekerlik, julle is bewus dat *Iets* hier is. Die God wat julle dien, is nou reg by julle.

277 Ek sien 'n dame wat hier sit met haar kop opgelig, sy bid, daardie Lig hang reg bo haar. Ek is net bang sy sal dit nie kry nie. Sy het dermprobleme en rugprobleme. O God, hoop sy . . . Mev. Dickman, staan op en aanvaar jou genesing. Goed. God seën jou, die dame hier met die rooi trui aan is die een.

278 Reg hier oorkant op die punt van die ry, daar is 'n man en 'n vrou wat daar sit, vrou het baie probleme gehad. Sy het omtrent 'n dosyn operasies gehad, het 'n lewerprobleem, haar man het slagaarprobleme. Mnr. en Mev. Main, glo met julle hele hart, en gaan huis toe en word genees. Jesus Christus maak julle gesond.

Ek daag julle uit om hiernatoe te kyk en dit te glo. Ek vra julle om dit te glo. Halleluja! Hoeveel glo met julle hele hart?

279 O, sondaarvriend, wil jy graag hierdie Jesus ontvang? Julle wat julle hande opgesteek het dat julle sondaars is, kom net 'n oomblik hiernatoe, laat ek hande op julle lê, sal julle? Kom reguit hiernatoe nou, sondaarvriend. Kom hier, ek nooi julle uit na Christus. Kom, laat daar hande op julle gelê word. As God julle hart ken, wil Hy hê julle sondes moet vergewe word.

280 Kom net nou, rondom die altaar hier, sal julle? Elke sondaar in die gebou wat Jesus as hulle Verlosser wil ontvang, kom nou reguit ondertoe, elkeen, reg, terwyl die Heilige Gees salf. Beweeg reguit ondertoe, dis reg.

281 Kom elke siel deur sonde onderdruk, daar's genade by die Here. Sal julle nie kom nie? Kom reguit om. Dis net goed. Komaan, elke sondaar wat God nie ken nie, julle nou onthou wil word in gebed, en wil hê God moet julle siel red, terwyl Hy hier teenwoordig is.

282 Die Heilige Gees het my net toe gestop, gesê: "Roep! Ek het kinders wat daar buite wag." Dieselfde God wat onfeilbaar kan spreek, kan Hy nie dieselfde ding sê nie? Nou is die uur, nou is die tyd. Beweeg uit, elkeen wat Christus as Verlosser wil vind, kom om die altaar hier net 'n oomblik. Sal julle dit doen?

Kom, elke siel deur sonde onderdruk,
Daar's genade by die Here,
En Hy sal jou sekerlik rus gee,
Deur op Sy Woord te vertrou.

Vertrou Hom net . . .

283 Hy ken julle. Kom nou, sal julle? Kom vertrou Hom. Wil jy wees soos daardie ou moeder takbok? Wil jy 'n ware ondervinding met God hê? Kom na een, kom na die Here Jesus, Wie jou daardie ondervinding kan gee. Kerklidmaat, was jy verbouereerd? Kom nou. Kom, kerklidmaat.

. . . jou,

Hy sal jou nou red.

284 Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Lutheraan, Katoliek, Pinkster, wat nie seker is van jou ondervinding nie, sal jy kom? Ons vra julle nie om by enige kerk aan te sluit nie. Ons vra julle net om hiernatoe te kom en te staan vir 'n woord van gebed. Jy wou iets sien wat eg is. Wat is meer eg as Jesus Christus wat opgestaan het uit die dood in 'n bose en owerspelige geslag, Homself wys dat Hy opgestaan het uit die dood, soos Jona, uit die maag van die walvis gekom het? Hy lewe vir ewig. Sal julle nie nou kom, terwyl ons dit weer sing nie?

Vertrou Hom net...(...?...)
...Hy sal jou red,
O, Hy sal red...(Kom, my Presbiteriaanse broer...?...)
Vertrou Hom net...

285 Elke man of vrou wat nie die Heilige Gees het nie, laat hulle nou op hulle voete staan, almal wat die Heilige Gees wil hê.

O, Hy sal jou red, Hy sal jou red,
Hy sal jou nou red.

286 Ek wil die predikerbroers hier op die platvorm vra of hulle kan, en ondertoe kan gaan onder hierdie berouvolle sondaars hier, ek wil hê julle moet afgaan, ons wil hande op hulle lê, saam met hulle bid, hulle uitneem, hulle uitnooi na julle kerke, waar hulle ook al is, hulle lidmate kan wees.

287 Kyk, vriende, julle wat hier staan, daar's net een ding...Laat ek julle wys wat gebeur het. Jesus het gesê: "Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom trek nie." Toe het God jou hiernatoe gebring, Hy het jou nooit tevergeefs hiernatoe gebring nie. Jy het opgestaan uit jou sitplek en gekom, dis al wat jy kan doen om 'n belydenis te maak. "Hy wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek bely voor My Vader en die heilige Engele." Dis wat Hy belowe het. "Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe. Wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie."

288 Ek vra julle nou, soos ons ons hoofde buig vir gebed, hoeveel hier binne nou wat nog siek en beproef is? Steek julle hande op. Nou, lê julle julle hande op mekaar. Sit jou...

61-0119E Koningin Van Skeba
Amerikaanse Legioen Saal
Beaumont, Texas V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org